

Hoofstuk 1

INLEIDENDE ORIËNTERING

1.1 Inleiding

Die bestudering van privaatpraktyk in maatskaplike werk kan nie op 'n beter tydstip as juis nou vir die maatskaplikewerkberoep, geskied nie. Vir die eerste maal in die bestaan van sowel die Beroepsraad vir Maatskaplike werk as die oorkoepelende statutêre liggaam en die Raad vir Maatskaplike Diensberoepe, sal daar tydens die 2003 algemene verkiesing 'n kandidaat tot die Beroepsraad vir Maatskaplike werk verkies word, wat maatskaplike werkers in privaatpraktyk sal verteenwoordig.

Maatskaplike werkers word volgens wet verplig om onder die Wet op Maatskaplike Diensberoepe (RSA: Wet 110 van 1978) te registreer. Hulle betaal jaarliks 'n registrasiefooi aan hierdie Beroepsraad, onder meer om hul besonderhede op 'n nasionale register by te hou.

Volgens die vereistes van die wet op Maatskaplike Diensberoepe (RSA: Wet 110 van 1978) mag enige geregistreerde maatskaplike werker as privaatpraktisyn praktiseer. Geen bykomende registrasie word dus benodig nie en maatskaplike werkers in privaatpraktyk word primêr verantwoordelik gehou vir professionele en etiese optrede wat vanuit hierdie wet ook op hulle van toepassing is.

Maatskaplike werkers in privaatpraktyk het egter 'n liggaam in die lewe geroep ten einde hulle belange en identiteit te vestig. Hierdie belangegroep funksioneer as 'n lede-organisasie op nasionale vlak en staan bekend as die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Maatskaplike werkers in Privaatpraktyk, ook bekend in Engels as SAASWIPP (South African Association for Social workers in Private Practice). Die organisasie funksioneer onder die Engelse benaming en sal voortaan in

die studie gebruik word. Die belange-organisasie het geen statutêre funksie nie en lidmaatskap tot die organisasie is vrywillig. Daar bestaan tans 'n protokoldokument tussen die Beroepsraad vir Maatskaplike werk en SAASWIPP wat 'n beter samewerking tussen die onderskeie organisasies en 'n beter werkverhouding onderling bewerkstellig. Die aard en funksie van die onderskeie liggame word soos volg vanuit hierdie dokument vervat: "*SACSSP is the statutory professional body, responsible for protecting the interest of the consumer, regulating the social service professions, the registration and conduct of practice by a social worker, as well as the practice of a social worker conducting a private practice; whilst SAASWIPP is the professional association co-ordinating the activities of social workers in private practice*" (Protocol document: SACSSP and SAASWIPP: 2003).

Privaatpraktyk binne maatskaplike werk verwys dus na maatskaplikewerkhulpverlening waar die maatskaplike werker nie verbonde is aan 'n formele welsynsorganisasie nie en as individu as maatskaplike werker in die veld funksioneer. Sy funksionering beteken dat hy primêr verantwoordelikheid neem vir hulpverlening aan die kliëntsisteem teen vergoeding. Hierdie maatskaplike werker vestig sy eie voorwaardes vir toetrede tot die werker-kliënt-verhouding en neem volle verantwoordelikheid vir die aard en kwaliteit van dienslewering binne die reg, professionele standaarde en die Wet op Maatskaplike Diensberoepe (RSA: Wet 110 van 1978) waaronder hy wetlik verbind is.

Die bestuur van hierdie praktyk berus dus op die vaardigheid en vermoëns van die privaatpraktisyn en nie soos in tradisionele welsynsorganisasies op 'n organisatoriese struktuur nie, met staatsbeleid in plek, wat die hulpverleningsproses aan die kliëntsisteem bestuur en monitor.

Die uitdaging lê dus daarin dat die maatskaplike werker toegerus moet wees om 'n privaatpraktyk suksesvol te bedryf, ten einde sy primêre vaardighede as maatskaplike werker tot voordeel van sy gemeenskap te kan aanwend.

Internasionale organisasies soos die Nasionale Raad vir Praktiserende Kliniese maatskaplike werkers in die V.S.A. het sedert die vroeë tagtigerjare die belangrikheid van ondersteuning aan maatskaplike werkers in privaatpraktyk onderhandel. Hulle het veral klem gelê op riglyne vir privaatpraktykbestuur (National Association for Social workers - "NASW" :1996). Hierdie riglyne word beskou as 'n hulpbron ten einde maatskaplike werkers toe te rus om met groter sukses 'n privaatpraktyk te bedryf. Die status van privaatpraktyk in die V.S.A. word erken in etiese riglyne en word soos volg deur die NASW (1996) omskryf: "*Private practice ... creates a range of challenges ... success can be measured by (the social worker's) ability to blend the knowledge, skills and values of the social work profession with sound business practices while earning a reasonable income*". Die navorser is van mening dat die verteenwoordiging van 'n privaatpraktisyn op die Beroepsraad vir Maatskaplike werk die status van privaatpraktyk in Suid-Afrika sal verhoog.

In Suid-Afrika bestaan daar min navorsing oor die sukses en toepaslikheid van privaatpraktykbestuur binne maatskaplike werk. Studies deur Botha (1984) wat in die vroeë tagtigerjare onderneem is, het 'n beeld gegee van waar privaatpraktyk tuishoort binne die konteks van maatskaplike werk en die potensiaal van privaatpraktyk binne die welsynsbestel. In 'n verdere studie deur Janse van Rensburg (1996) is 'n handleiding vir die maatskaplike werker in privaatpraktyk ontwikkel sonder om werklik in diepte na 'n toepaslike model ook vanuit ander professies te gaan kyk.

Privaatpraktyk in maatskaplike werk bied 'n alternatiewe oplossing vir die beoefening van Maatskaplike werk. maatskaplike werkers wat weens verskeie redes - wat bespreek sal word - nie binne die tradisionele strukture die beroep kan beoefen nie, kan 'n tuiste binne privaatpraktyk vind.

Die toetrede van maatskaplike werkers tot privaatpraktyk het die afgelope dekade toegeneem en onder die kollig gekom, soos afgelei kan word uit die Beroepsraad vir Maatskaplike werk se toenemende betrokkenheid by privaatpraktyk. Tans bestaan daar geen betroubare statistieke om te bepaal hoeveel maatskaplike werkers wel binne privaatpraktyk funksioneer nie, maar vanuit die databank van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir maatskaplike werkers in Privaatpraktyk (SAASWIPP) blyk dit dat tot 10 % van geregistreerde maatskaplike werkers in privaatpraktyke

werk (SAASWIPP, CDROM 2003). Dit wil dus blyk dat privaatpraktyk as werkskepper 'n dinamiese alternatief in die maatskaplikewerkbedryf geword het.

Die feit dat hierdie veld nuut is en steeds groei, vestig die behoefte aan 'n werkbare praktykmodel ten einde 'n teoretiese uiteensetting te bied van alle komponente van belang in 'n privaatpraktyk.

Die metodiek om 'n voorgestelde praktykmodel te vestig, vra wetenskaplik gefundeerde navorsing. Hierdie praktykmodel sal dus toepaslik binne maatskaplike werk moet wees, die behoeftes van die tyd aanspreek, relevant met betrekking tot welsynsbeleid wees, riglyne binne sosiale navorsing noukeurig volg en ruimte vir die maatskaplike werker laat om sy uniekheid as individu binne sy privaatpraktyk uit te leef.

1.2 Motivering vir die keuse van die onderwerp

Delport (2002:49) bepleit 'n paradigmaterskuiwing waar van praktiese probleemoplossende navorsing na sosiaalwetenskaplik gefundeerde navorsing beweeg moet word, ten einde 'n bydrae te lewer in die uitbouing van die teoretiese kennisbasis binne maatskaplike werk.

Die ontwikkeling van privaatpraktyk as nuwe, dinamiese fokuspunt binne maatskaplike werk, het tot die strewe na nuwe kennis en die daarstelling van 'n wetenskaplik gefundeerde kennisbasis vir privaatpraktyk, aanleiding gegee. Volgens Delport (2002:49) geskied hierdie proses deur die sistematiese kodifisering en validering van veralgemenings vanuit die praktyk. Die proses lei tot wetenskaplike stellings wat binne die teorie opgeneem kan word. Die toets vir 'n ware professie lê dus daarin dat stellings eie aan die professie teenoor die praktyk getoets moet word alvorens dit binne die teoretiese kennisbasis opgeneem kan word. Hier noem Neuman in De Vos (2002:36) dat teorie vanuit 'n stadige en langsame proses ontwikkel - konsep vir konsep, stelling vir stelling en binne 'n spesifieke area. Slegs deur hierdie proses te verfyn, word verhoudings tussen konsepte en konstruksie herkenbaar en kan navorsers patrone met mekaar begin vergelyk.

Alhoewel privaatpraktyk 'n bekende konsep binne die hulpverleningsprofessies is, benodig dit steeds hierdie verfyningsproses ten einde die benutbare konsepte te herken en as 'n model vir die beroep te ontsluit. Hierdie studie wil dus poog om 'n sistematiese verfyningsproses te deurloop en 'n praktykmodel vir privaatpraktyk in maatskaplike werk te ontwikkel.

Die volgende probleemareas en kwelvrae rakende privaatpraktykbestuur het die navorser verder gemotiveer tot die keuse van hierdie studie:

- Die navorser het as deel van haar vooronderzoek vir die studie verskeie bronne genader, waaronder ook reeds afgehandelde navorsing wat handel oor maatskaplike werkers in privaatpraktyk (Botha, 1984). Binne hierdie navorsing is bepaalde aanbevelings gemaak vir verdere navorsing, waaronder 'n werkbare model vir privaatpraktykbestuur, die ontwikkeling van 'n persoonlikheidsprofiel vir privaatpraktisyns as vertrekpunt vir 'n model en 'n hulpmiddel waardeur die voornemende praktisyn kan bepaal of hy oor die toerusting beskik om 'n privaatpraktyk suksesvol op te bou en werkstevredenheid te beleef (Botha, 1984:543). Die navorser sou graag hierop wou voortbou ten einde sinvolle kontinuïteit in maatskaplikewerknavorsing te bewerkstellig. Die persoonlike ontwikkeling en groei van 'n maatskaplike werker vanaf 'n werknemer binne die tradisionele welsynkonteks tot 'n maatskaplike werker met die behoefte tot eie werkskepping sluit ook hierby aan.
- Een van die sentrale punte van belang binne die veld van privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk, is die afwesigheid van studie oor die versoenbaarheid tussen die ekonomiese bestuursbeginsels en die generiese maatskaplikewerkbeginsels. Dit kan alternatiewelik gestel word as " 'n onversoenbaarheid van 'n diensmotief met 'n winsmotief". Dit verwys dus na die inherente ingesteldheid by diensprofessies om suiwer "van diens te kan wees" teenoor 'n winsingesteldheid (ook vroeër bekend as 'n kapitalistiese ingesteldheid) waar vrye handelsbeginsels geld. 'n Middeweg tussen hierdie twee sienswyses, ten einde 'n professionele winsgewende diens aan die gemeenskap te kan lewer, behoort die missie binne 'n privaatpraktyk in maatskaplike werk te wees. Dit vra egter eers 'n fyn bestudering en evaluering van die komponente ten einde by so 'n missiestelling te kan uitkom.

- Die bestudering van die maatskaplikewerketiek sou ook binne die grense van hierdie studie tuishoort. Die gebrek aan formele riglyne waarbinne etiese besigheidsbeginsels binne die maatskaplike werk van toepassing gemaak kan word, is nodig. Die riglyne wat wel deur die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Privaatpraktisyns (SAASWIPP) neergelê word, dien slegs as riglyn en is nie werklik kragtig genoeg om 'n kode vir optrede binne privaatpraktyk neer te lê of af te dwing nie. Riglyne wat deur die Suid-Afrikaanse Raad op Maatskaplike Diensberoep neergelê word, is gerig op die maatskaplike werker se professionele optrede, maar gee nie werklik leiding met betrekking tot besigheidsbeginsels nie (SACSSP: 2003). Hulp ten einde te voorkom dat kliënte uitgebuit word, die aard en duur van dienste en kostes word binne riglyne voorgestel, maar steeds aan die privaatpraktisyn se eie diskresie oorgelaat.

- Waardes in maatskaplike werk word ook moeilik binne privaatpraktyk gemeet. Binne die owerheidsektor lê die maatskaplike werker homself neer by vasgestelde beleid. Binne privaatpraktyk moet die maatskaplike werker self diensdoelwitte en die standaard vir gedrag bepaal. Botha (1984:49) noem dat die maatskaplike werker sy eie waardestelsel moet ken en die rol daarvan in hulpverlening verstaan. Hierdie aspek kan dus as 'n vooropgestelde probleem beskou word aangesien waardes direk aanleiding gee tot die uitlewing van beginsels. maatskaplikewerkbeginsels dien as gedragsriglyn vir maatskaplike werkers. Vrae wat gevra kan word, is dus: Hoe bepaal die maatskaplike werker beleid binne 'n privaatpraktyk? Watter riglyne word binne privaatpraktyk met betrekking tot etiek of protokol gevolg? Binne die vryemarkeconomie word die beginsels van "tyd is geld", finansiële sukses, produktiwiteit en "die kliënt is altyd reg" gevolg. Hoe word hierdie komponente met die beginsels van maatskaplike werk versoen? Hierdie aspek word deur Howe in Parton (1996:93) soos volg opgesom: "... *The market, based on the rational and selfinterested actions of individual men and women, is believed to produce the most efficient, effective and least restrictive social economic and political systems ... free market principles swept into both the health and the personal social services*". Verhoudings tussen kliënt en maatskaplike werker verander dus vanaf interpersoonlik na ekonomies, van terapeuties na transaksie en van ondersteuning tot kontraktueel en diensgeoriënteerd. Dieselfde outeur praat van die terapeutiese verhouding wat verander: "... *it (the relationship) becomes a vehicle for*

marketplace dealings" (Howe in Parton, 1996:93). Die laaste kwelvraag is dus hoe hierdie komponente binne die tradisionele werkterrein van maatskaplike werk geakkommodeer kan word.

- 'n Volgende belangrike aspek wat as motivering tot hierdie studie gedien het, is die hantering van die maatskaplikewerkverhouding. Die verhouding tussen werker en kliënt word as sentraal binne die maatskaplike werk beskou. Soos in die boonste paragraaf genoem verander hierdie verhouding dus inherent. Howe in Parton (1996:93) noem dat die verhouding tussen werker en kliënt die grondslag bied vir suksesvolle intervensie. Binne die aanpassing na 'n winsmotief mag dit blyk dat hierdie verhouding gestroop kan word van sy emosionele en interpersoonlike dimensies. Die kliënt word dus 'n verbruiker. Dieselfde outeur (1996:98) noem in hierdie verband: "*The well-being of individuals is more and more reliant on money and markets and not close social relationships. Social ties of support and mutuality are replaced by individualised dealings based on economic transactions*", aldus Howe in Parton (1996:98).
- 'n Verdere aspek ter motivering van die studie, is die verskillende benaderings ten opsigte van sakebestuur en besigheidsbeginsels binne 'n privaatpraktyk. Volgens Botha (1984:171) is die winsmotief kapitalisties van aard en is dit op vrye handelsbeginsels geskoei. Gevolglik ontwikkel kompetisie, individuele inisiatief en 'n houding van "die voortbestaan van die sterkstes". Die aanname word gemaak dat die patrone konflik mag veroorsaak ten opsigte van die waardes wat maatskaplike werk voorhou. Die reg dat mense in nood gratis toegang tot hulpverleningsdienste het, word onder meer ondersteun deur die Staat se beleid jeens maatskaplike ontwikkeling. Daar word onder meer in die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (RSA: Witskrif vir Maatskaplike welsyn - Staatskoerant, 1997:184) soos volg op hierdie saak kommentaar gelewer: "... *facilitate the provision of appropriate developmental social welfare services to all South Africans, specially those living in poverty, those who are vulnerable and those who have special needs*". Hierdie houding is in stryd met dit wat inherent binne privaatpraktyk gebeur. Aan die ander kant word regverdiging vir die beoefening van besigheidsbeginsels in privaatpraktyk hulpverlening aangevoer op grond daarvan dat:

- kliënte oënskynlik beter vaar in hulpverlening as hulle daarvoor betaal. Dit wil sê dat, indien die kliënt 'n finansiële sowel as emosionele belegging in terapie maak, hulle 'n groter aansporing en motivering het om saam te werk;
- privaatpraktyk 'n verbruikersdiens is waar die "mark" verken kan word en die verbruikers 'n keuse kan uitoefen. Hier noem Barker (1992:39) dat die aard van dienste wat aangebied word, die kwalifikasies en vaardighede van die praktisyn en die koste van die dienste vooraf deur die kliënt oorweeg kan word om tot 'n beslissing oor die benutting daarvan te kom. Die kliënt kan dus sy reg as verbruiker handhaaf, wat selde by welsynsorganisasies die geval is.

1.3 Probleemformulering

Die maatskaplike werker betree die welsynsbestel sonder kennis oor privaatpraktykbestuur. Opleiding is tradisioneel nie daarop ingestel om maatskaplike werkers toe te rus ten einde privaatpraktyk te betree nie.

- Die probleem wat aangespreek word binne hierdie studie is dus dat daar geen praktykmodel vir privaatpraktykbestuur eie aan die aard en werkwyse van maatskaplike werk bestaan nie.
- 'n Verdere probleem is dat daar verskeie aspekte binne die welsynsbeleid is wat aanleiding tot hierdie probleem gegee het. Hierdie aspekte is die feit dat die situasie vertroebel word deur 'n unieke sosiale, kulturele en historiese konteks binne Suid-Afrika, wat verstaan en ook binne konteks aangespreek moet word. Die geneigdheid om na ander Westerse lande vir hulpverleningstrategieë en ervaring te kyk, veroorsaak 'n vakuum vir eiesoortige hulpverleningstrategie vir hierdie unieke Suid-Afrikaanse situasie.
- Die kennisbasis van maatskaplike werk word dikwels aan ander professies en dissiplines ontleen en geplooi om aan te pas by die toepassing daarvan binne die maatskaplike werk profesie. Die beeld van "shopping around" word deur verskeie skrywers (Payne, 1997; De Vos, 2002 en Barker, 1992) gebruik, wanneer verwys word na die eiesoortige metodiek van maatskaplike werk. So word bestuurswese, wat toepaslik binne die ekonomie sou wees,

gebruik binne maatskaplike werk, so ook finansiële en personeelbestuur en selfs beginsels vanuit die privaatpraktykbestuur van die mediese professies, psigiatrie en sielkunde word ontleen. Die beginsels mag op die oog af toepaslik wees, maar die inhoud daarvan laat nie ruimte vir maatskaplike werk se waarde en normsisteem, etiek en selfs die missie en doel eie aan die veld van die beroep nie.

- Indien daar van die veronderstelling uitgegaan word dat hierdie komplekse omgewing komplekse metodes vir hulpverlening vra, redeneer Payne (1997:13) dat maatskaplike werk net verstaan en gefundeer kan word binne die sosiale en kulturele konteks van die deelnemers. Die teorie wat gebruik word, moet die produk van die konteks waarbinne dit manifesteer, reflekteer. So sal hierdie teorie ook die konteks beïnvloed, aangesien die konteks – wat die maatskaplike werker insluit – 'n wesenlike uitwerking het op dit wat die maatskaplike werker sê en doen binne sy werk. Hierdie proses het 'n spiraaleffek op die omgewing – dit beïnvloed die konteks wat die ingesteldheid, idees en waardes binne funksionering beïnvloed. 'n Model vir privaatpraktyk sal dus binne die konteks van maatskaplike werk ontwikkel moet word.

- In Suid-Afrika bevind maatskaplike werkers in praktyk hulle in 'n veranderende werksomgewing. Welsynsbeleid, die inperking van begrotings en kwynende subsidies binne die owerheidsektor kortwiek werkgeleenthede in so 'n mate dat bestaande posoms krywings vir maatskaplike werkers afgeskaal word. Hierdie situasie mag selfs vererger word sodra die voorgestelde minimum vergoedingstrukture vir maatskaplike werkers, soos deur die Raad vir Maatskaplike Diensberoep aangekondig, in werking gestel word (S.A Council for Social Services Professions September Newsletter: 2002). Die alternatief kan dus teoreties heel eenvoudig wees. maatskaplike werkers moet binne die beroep - dit waarvoor hulle opleiding ontvang het en primêr 'n beroepskeuse uitgeoefen het, finansiëel geakkommodeer word. Dit is egter so dat hierdie aanpassing nie noodwendig vanuit die owerheidsektor sal plaasvind nie, maar dat die werker self die verantwoordelikheid moet aanvaar ten einde sy finansiële situasie te verander. Hierdie proses om "sogenaamd onafhanklik" te raak, behels die aanleer van bepaalde besigheids- en ekonomiese vaardighede. Klem word gelê op vaardighede binne

entrepreneurskap aangesien dit 'n raamwerk bied waarbinne die individu algemene besigheidsbeginsels met persoonlike voorkeur, waardes en ingesteldheid jeens beroepsukses kan versoen, aldus Huuskonen in Klandt (1993:47).

- Die probleemformulering binne hierdie studie strek egter veel verder. Die ontbreking van 'n praktykmodel vir privaatpraktykbestuur impliseer ook dat daar riglyne ontbreek oor hoe maatskaplike werkers binne die veld aangewend word. Swak besoldiging en sosio-ekonomiese verandering binne Suid-Afrika plaas finansieel ook druk op die maatskaplike werker binne sy persoonlike funksionering. Volgens navorsing gedoen deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoep, is die intreevlak van maatskaplike werkers tot die beroep tans vasgestel op 'n Vlak 6 (owerheidsektor) met 'n gemiddelde vergoedingspakket van R51 000 per jaar. Hierdie bedrag is binne gesubsidieerde welsynstrukture nagenoeg R41 000 per jaar. Na raming verdien 'n maatskaplike werker na belastingverpligtings 'n gemiddelde inkomste van R41 800 (owerheidsektor) en R33 611 in nie-staatsinstellings. 'n Gemiddelde salaris per maand is nagenoeg tussen R3 215 en R2 585 (RSA; Suid-Afrikaanse Inkomstediens, 2003:36). Tans word die broodlyn deur demograwe op R1 800 per huishouding bepaal. Hierdie syfers verplig dikwels die maatskaplike werker om na alternatiewe werkgeleenthede buite maatskaplike werk te kyk. Dit kan dus gebeur dat professionele kundigheid en ervaring hierdeur vir maatskaplike werk as beroep verlore kan gaan.
- Die maatskaplike werker in privaatpraktyk beleef dikwels die frustrasie van beperkings wat 'n tradisionele opleidingsmodel op die beroep plaas. Binne privaatpraktyk bevind die Maatskaplike werker homself binne 'n ekonomies kompeterende omgewing met 'n tekort aan kennis, persoonlike vaardighede en emosionele kapasiteit rakende die bestuur van 'n privaatpraktyk. Verder ontwikkel verskeie praktiese probleme soos onder meer rondom etiek en waardes en die tradisionele beskouing van 'n diensmotief wat teenoor 'n winsmotief gestel word.

Vanuit bogenoemde probleemformulering is dit dus duidelik dat daar 'n behoefte aan 'n praktykmodel vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk bestaan en dit is dan ook die fokus van hierdie studie.

1.4 Doel en doelwitte

Vanuit navorsingsliteratuur kan die onderskeid tussen doel en doelwit soos volg uiteengesit word. In Fouchè (2002:107) word verwys na die Webster's Third International Dictionary waar doel verwys na "*the end toward which effort or ambition is directed: aim, purposes*". Hieruit word die afleiding gemaak dat 'n einddoel nodig is. In Fouchè (2002:107) word die doel, doelstelling of oogmerk as die "droom" versinnebeeld terwyl die doelwit die stappe impliseer wat geneem moet word om hierdie droom te laat materialiseer. Ten einde by 'n resultaat uit te kom, moet 'n doel met doelwitte geformuleer word.

Die doel vir die studie kan soos volg geformuleer word:

Om 'n praktykmodel vir maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur in Suid-Afrika te ontwikkel en die benuttingswaarde daarvan te evalueer.

Die "droom" materialiseer in die volgende praktiese doelwitte:

- (i) Om 'n teoretiese verwysingraamwerk vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk daar te stel;
- (ii) om die profiel van bestaande privaatpraktyke in Suid-Afrika binne maatskaplike werk te verken;
- (iii) om 'n praktykmodel vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk, te ontwikkel; en
- (iv) om die ontwikkelde praktykmodel se benuttingswaarde te evalueer.

1.5 Navorsingsvraag vir die studie

Binne die voorgenome studie het die navorser van kwalitatiewe navorsingsmetodes gebruik gemaak. Die kwalitatiewe komponent leen hom tot die formulering van 'n navorsingsvraag.

Binne kwalitatiewe navorsing fokus die navorsingsvraag op die fenomeen wat nagevors word. Dit is verder veronderstel om aan die leser 'n duidelike beeld te gee van wat die navorser spesifiek wil weet rondom die onderwerp van studie. Ten einde die doel van die studie te bereik, naamlik om 'n praktykmodel vir maatskaplikewerk privaatpraktyk in Suid-Afrika te ontwikkel, is dit noodsaaklik om konsepte, beginsels, prosesse en elemente soos van toepassing op 'n praktykmodel vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk te identifiseer, te beskryf en die benuttingswaarde daarvan te evalueer en nie noodwendig hierdie komponente te toets nie. Hierdie standpunt word deur Fouchè (2002b:119) soos volg ondersteun: "... *using qualitative methods usually does not have a precisely delimited problem statement or precis hypothesis. One purpose of qualitative methods is to discover important questions, processes and relationships and not to test them. In many qualitative proposals, the problem statements develop logically from the review of the literature*".

Binne hierdie studie is die volgende navorsingsvrae dus relevant:

- Wat is die aard van funksionering van bestaande maatskaplikewerk privaatpraktyke in Suid-Afrika?
- Wat is die mees toepaslike konsepte, beginsels, prosesse en elemente vir 'n praktykmodel vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk?
- Wat is die benuttingswaarde van hierdie nuut ontwikkelde praktykmodel vir maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur in Suid-Afrika?

1.6 Navorsingsbenadering

Die navorsingsbenadering toepaslik in die empiriese gedeelte vir hierdie studie is 'n kwalitatiewe benadering. Alhoewel die studie gekenmerk is deur 'n sterk benutting van die kwalitatiewe benadering, het komponente wat deur die loop van die literatuurstudie ontvou het, bevestiging binne die Suid-Afrikaanse konteks gevra. So is die toepaslike prosesse vir privaatpraktykbestuur in

maatskaplike werk (Hoofstuk vyf) vanuit die literatuur bestudeer. Die navorser kon egter nie die literatuur onbevestig binne die model aanbied nie en het die inhoud getrianguleer deur gebruik te maak van 'n kwantitatiewe benadering waarbinne 'n profiel van bestaande maatskaplikewerk privaatpraktyke in Suid-Afrika saamgestel kon word. Deur gebruik te maak van die intervensienavorsingsmodel, soos wat bepreek sal word onder punt 1.7 van hierdie hoofstuk, word slegs 'n kwalitatiewe benadering gevolg, soos De Vos (2002:364) dit stel: 'n eerste handse, holistiewe begrip van die fenomeen" te ontwikkel". Die kwantitatiewe ondersteuning wat wel in Hoofstuk vyf gevind word, word aangewend ten einde dit wat in die literatuur bestudeer is, te bevestig. Die intervensienavorsingsmodel bied aan die navorser die geleentheid om stap vir stap die navorsingsproses te deurloop en op 'n gestruktureerde en wetenskaplike wyse by 'n antwoord op 'n navorsingsvraag te kom. Hierdie wetenskaplike wyse laat ook die ruimte dat in die voltooiing van die proses, die benutting van kwalitatiewe navorsingsmetodiek benut kan word. Wat dus vir die navorser belangrik binne die voltooiing van die navorsingsproses was, was om op die mees volledige wyse, 'n praktykmodel vir privaatpraktykbestuur in maatskaplikewerk te konstrueer. Die kwalitatiewe navorsingskomponente wat in hierdie studie gebruik is word deur Tesch (1992:55) beskryf as die proses wat navorsers gebruik om inligting in te samel wat nie op numeriese wyse uitgedruk kan word nie. So word kwalitatiewe navorsing ook deur Schurink (1998:240) beskryf as die benadering wat fokus op die kwaliteite van menslike gedrag soos onder meer *kenmerkende* aspekte teenoor die kwantifiseerbare *meetbare* aspekte van menslike gedrag. Ter motivering vir die gebruik van die kwalitatiewe benadering vir hierdie studie kan die volgende aangevoer word:

- Die studie word gekenmerk deur 'n sterk klem op die gebruik van literatuur, en die sistematiese ontleding van toepaslike literatuur vir 'n praktykmodel.
- Die studie besit 'n induktiewe beredeneringswyse. Die praktykmodel is ontwikkel ten einde 'n struktuur daar te stel wat deur maatskaplike werkers gevolg kan word om sin binne privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk te vind.
- Die studie het ruimte gelaat vir die belewenis van die navorser en die waarde-oriëntasie waaruit die navorser werk.
- Die benuttingswaarde van die praktykmodel is deur middel van fokusgroepe geëvalueer. Hierdie data-insamelingswyse het die geleentheid aan die navorser gebied om die belewenis

van respondente uit die praktyk op eerstehandse wyse te bekom en deel te maak van die studie.

- Fokusgroeplede vir die fokusgroepe is selektief vanuit die databank van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Privaatpraktisyns geselekteer - daar is dus gefokus op spesifieke inligting ten einde te verseker dat die inligting bruikbaar is en binne die grense van die studie val.

Ten einde die kwantitatiewe komponent wat gebruik is in die literatuurstudie (Hoofstuk vyf) te motiveer kan die volgende aspekte uitgelig word:

- Die literatuur wat as deel van die prosesse van maatskaplike werk bestudeer is, moet uiteengesit, bevestig en verklaar word ten einde die voorgestelde praktykmodel vir maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur so lewensgetrou aan die werklikheid, as moontlik te hou.
- Data is vanuit die databank van SAASWIPP onttrek en ontleed. Die insluiting van hierdie kwantifiseerbare komponent verhoog die toepaslikheid van die literatuur in hoofstuk vyf.

1.7 Soort navorsing

Die omskrywing van die tipe navorsing wat die doel van die studie, die navorsingsbenadering en navorsingsvraag die beste komplimenteer, word in De Vos (2002:394) intervensienavorsing genoem. Intervensienavorsing word deur De Vos (2002:396) soos volg gedefinieer:

"Intervention research is defined as studies carried out for the purpose of conceiving, creating and testing innovative human services approaches to prevent or ameliorate problems, or to maintain quality of life." Daar word verder deur Schilling in De Vos (2002:396) in hierdie verband spesifiek na maatskaplike werk verwys as hy soos volg konstateer: *"Social work interventions include strategies that draw on and seek to strengthen the social ties between the individual and the social environment."*

Vir die doeleindes van hierdie studie kan die toepaslikheid van hierdie strategie gevind word in die feit dat 'n intervensienavorsingsmodel bestaande teoretiese kennis met die praktyk kan verbind. Die intervensienavorsingmodel leen hom dus daartoe om praktiese probleme te hanteer, juis omdat dit in 'n praktykopset uitgevoer kan word. Vir hierdie studie kan dit geen doel dien om 'n bestaande program of praktykmodel vanuit 'n ander dissipline aan te pas om die behoefte tot 'n praktykmodel in maatskaplike werk te vervul nie. Die vertrekpunt van die model is gegrond op beginsels wat nie in harmonie is met die beginsels en uiteensetting van bestaande modelle van maatskaplikewerkpraktykbestuur nie. 'n Praktykmodel soos ontwikkel in hierdie studie is gebaseer op Rothman en Thomas (1994) se ontwerp en ontwikkelingsmodel, voortaan verwys as die O&O-model.

Die O&O-model bestaan uit die volgende **ses** fases:

- (i) Probleemanalise en projekbeplanning.
- (ii) Inligtinginsameling en -sintese.
- (iii) Ontwerp.
- (iv) Aanvanklike/vroeë ontwikkeling en loodsondersoek.
- (v) Evaluasie en gevorderde ontwikkeling.
- (vi) Verspreiding of disseminasie.

Elkeen van hierdie fases van die O&O-model het bepaalde aktiwiteite wat uitgevoer is ten einde die taak van daardie spesifieke fase te voltooi. Hierdie fases met aktiwiteite en toepassing daarvan in hierdie studie word deeglik in Hoofstuk sewe as deel van die navorsingsmetodologie bespreek.

Die verloop van die navorsingsproses sluit dus vanaf Hoofstuk twee die literatuurstudie in wat deel vorm van die inhoudelike aspek van die model. Anders as 'n tradisionele navorsingsverslag word die literatuurhoofstukke dus deel van die ontwikkelingsproses en vorm dit die basis van die ontwikkelde praktykmodel waardeur teoretiese kennis en praktyk met mekaar verbind word.

1.8 Navorsingsontwerp

Binne die konteks van kwalitatiewe navorsing verwys Fouchè en Delport (2002:90) eerder na strategie as ontwerp. Die afleiding wat hieruit gemaak kan word is dat 'n strategie nie die beweeglikheid van die werkwyse inperk nie en dus ook toepaslik binne die fases van intervensie-navorsing sal wees.

Die oorwegende indruk wat intervensie-navorsing laat, is dat dit nie ander navorsingsmetodes uitsluit nie, maar eerder daarop gegrond is. Tog maak intervensie-navorsing op 'n besondere wyse voorsiening daarvoor dat 'n nuwe "intervensie" (praktykmodel) ontwikkel kan word ingevolge 'n proses waarvolgens die navorser gelei word om nie slegs data of kennis in te samel waarvolgens 'n nuwe intervensie ontwikkel kan word nie, maar juis ook om die nuwe "intervensie" of produk op so 'n wyse te ontwikkel dat dit 'n deeglik verantwoordbare navorsingsproduk is.

Hieruit kan dus gesien word dat daar van 'n kombinasie van navorsingsontwerpe gebruik gemaak kan word. Elke fase binne intervensie-navorsing fokus op 'n eiesoortige ontwerp en kan soos volg in Figuur 1.1 uiteengesit word:

FASE EEN EN TWEE	FASE DRIE EN VIER	FASE VYF
Verkennde ontwerp	Beskrywende ontwerp	Evalueerende ontwerp
Fase een en twee fokus op probleem-analise, inligtinginsameling en sintese wat ooreenstemming toon met die verkennende ontwerp en wel daarin dat die ontwikkeling van 'n nuwe model ook die verkenning van 'n relatief onbepaalde terrein behels, aangesien dit die ontwikkeling van nuwe intervensies verteenwoordig.	Fase drie en vier fokus op die ontwerp en vroeë ontwikkeling van 'n intervensie. Intervensie-navorsing hoort ook tuis onder die sambreelterm vir beskrywende navorsing - spesifiek dan binne fase drie en fase vier waar inligting ingesamel word en tot 'n sintese gekom word. Hierdie inligting vind gestalte binne die ontwerp van	Fase vyf fokus op die evaluasie van die ontwikkelende intervensie en in hierdie studie dus op die evaluasie van die ontwikkelde praktykmodel. Evalueerende ontwerpe word deur Babbie in Fouchè (2002:111) soos volg omskryf: "... <i>can be utilised to assess, among other things, the design, implementation and</i>

<p>Die verkennende ontwerp word gekenmerk deur karaktertrekke met betrekking tot die ontwikkeling van insig in 'n situasie of probleem. In hierdie geval die beperkings van 'n ontbrekende praktykmodel. In Fouchè (2002:109) verwys Neuman na verkennende ontwerpe as die eerste fase "vir wat mag volg" daarna.</p>	<p>die praktykmodel wat dui op beskrywende kenmerke. By intervensienavorsing word hierdie aksie verder gevoer en word die proses, waarvolgens die inligting wat verkry is in die vorm van 'n praktykmodel, beskryf. Soos met die verkennende ontwerp fokus die beskrywende ontwerp op 'n duidelik geformuleerde doel maar fokus verder op die "hoe" en "hoekom", aldus Fouchè (2002:109). Verder lê die kenmerke van die beskrywende ontwerp binne die deeglike proses waarbinne 'n omvattende en duidelike beeld van alle elemente betrokke binne die navorsing gevorm word.</p>	<p><i>applicability of social interventions.</i>" Dit word verder deur dieselfde outeur beskryf as "<i>the process of determining whether a social intervention has produced the intended result</i>". Binne die voorgenome studie word die bruikbaarheid van 'n praktykmodel deur praktisyns geëvalueer. Intervensienavorsing sluit dus in besonder aan by evaluerende ontwerpe.</p>
---	---	---

Figuur 1.1 Kenmerkende navorsingsontwerpe binne elke fase van die intervensie-navorsingsmodel

Hierdie studie word dus gekenmerk deur 'n kombinasie van verkennende, beskrywende en evaluerende ontwerpe, afhangende van die fase in die navorsingsproses.

1.9 Navorsingsprosedure en werkwyse

Hierdie navorsing is gedoen aan die hand van die fases van die intervensienavorsingsmodel soos reeds onder punt 1.8 bespreek. Die ontwikkeling en ontwerp van die praktykmodel is beïnvloed deur inligting wat tydens al die voorafgenoemde fases ingesamel is. Dit sluit inligting in wat verkry is deur middel van literatuurstudie, gerugsteun deur empiriese data wat sekondêre data-ontleding en fokusgroepe wat met die literatuur in verband gebring is, insluit. Die navolging van die

genoemde fases het verseker dat die ontwerp van die model nie slegs 'n eensydige oefening was, wat net deur die navorser se insig en verwerking van gegewens bepaal is nie.

Belanghebbendes vanuit maatskaplikewerk privaatpraktyk, wat in fokusgroepe saamgegroepeer is, het deelgeneem aan die ontwikkelingsproses, wat deur die navorser gefasiliteer is. Die navorsingsprosedure en werkwyse, wat gereflekteer word in die empiriese gegewens word omvattend in Hoofstuk sewe bespreek.

Aangesien menslike gedrag voortdurend verander en so ook die omgewing waarin die mens hom bevind, lewer dit bepaalde probleme op wanneer 'n produk soos in dié geval 'n praktykmodel, ontwikkel word. Intervensienavorsing leen hom benewens wat die uitsonderlike riglyne vir die ontwikkelingsproses betref, ook uitstekend tot deurlopende evaluering van die proses en inhoud van die model.

1.10 Die voorondersoek

Binne fase vier wat die vroeë ontwikkeling en loodsondersoek van die intervensiemodel behels, word die verloop van 'n voorondersoek uiteengesit. Alvorens fase vier tydens die intervensienavorsingsproses aangepak kan word, is daar komponente wat die vroeë ontwikkeling en loodsondersoek beïnvloed en bepaal.

Hierdie komponente sluit die literatuurstudie, konsultasie met kundiges en die deeglike studie van eenhede van analise in. Die voorbereiding van hierdie komponente vir fase vier sal nou bespreek word:

1.10.1 Literatuurstudie

Uitgebreide literatuurondersoeke oor 'n tydperk van drie jaar waarbinne die hele spektrum van bestuur, entrepreneurskap, kontemporêre maatskaplikewerkteorie, filosofie, metafisika, sielkunde, toegepaste maatskaplikewerkpraktyk en resente tydskrifartikels bestudeer is, het 'n basiese

onderbou aan die navorser verskaf waarbinne sowel die konteks van die studie bepaal is asook die lewensvatbaarheid van die studie vasgestel kon word.

Die bestudering van literatuur is dus die kern van die navorsing. Dit vorm ook die basis vir die navorsingsmetodes wat gevolg is en het 'n struktuur aan die ondersoek gebied.

Ten einde die studie wetenskaplik en teoreties gefundeerd te kon afhandel, was dit van wesenlike belang dat die navorser 'n volledige literatuurstudie rakende die onderwerp sou doen. In Berg (1998:148) word genoem dat "... *the basic intention of a literature review is to give a comprehensive review of previous works on the general and specific topics considered in the report*".

Afgesien van 'n deeglike kennis rakende die funksionering van 'n privaatspraktyk, het die volgende aspekte binne die literatuurstudie meer duidelik as determinante binne die suksesvolle funksionering van 'n privaatspraktyk as 'n sisteem binne 'n omgewing, na vore getree:

- Die bestudering van maatskaplikewerketiek, waardes en filosofie; waarop maatskaplike werk rus;
- algemene bestuursbeginsels en besigheidsetiek;
- die filosofie rakende wins;
- kerngedagtes rondom die entrepreneur;
- die "self" en persoonsontwikkeling binne maatskaplikewerk privaatspraktyk; en
- die hantering van verandering.

Hierdie komponente is binne die konteks van die doel en doelwitte van die studie geplaas. Ten einde die toepaslikheid van hierdie komponente te waarborg is 'n konsultasieproses waar kundiges genader is, gefasiliteer ten einde die navorser 'n objektiewe beeld oor die komponente wat bestudeer is, te bied.

1.10.2 Konsultasie met kundiges

Na aanleiding van die komponente wat vanuit die literatuurondersoek as belangrik uitgestaan het, is kundiges doelgerig geselekteer. Hierdie kundiges het verseker dat die geselekteerde komponente vir die model verpraktiseer word en op maatskaplikewerk privaatpraktyk afgestem word.

Afsonderlike gesprekke oor 'n tydperk is onder meer oor die toepaslike komponente, gevoer met:

Kundige	Agtergrond	Toepaslike komponent
Dr. J.H Schoeman	Gemeenskapsontwikkelaar. Inleidende gesprekke is gevoer rondom 'n teoretiese verwysingsraamwerk wat eienskappe bevat om alle aspekte van 'n praktykmodel te kan akkommodeer. Daar is in die besonder gesprek gevoer oor die toepaslikheid van die Sisteemteorie en aanpassings van die geïntegreerde sisteemteorie in kontemporêre maatskaplike werk.	Die toepaslikheid van die sisteemteorie as teoretiese verwysingsraamwerk vir die studie
Mev Iveda Smith	Verbonde aan die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe.	Die toepaslikheid van konsepte soos onder meer waardes, etiek, bemagtiging in maatskaplikewerk-Privaatpraktyk
Dr Coen Reynolds	Senior Lektor, Program	Die toepaslikheid van

	maatskaplike werk, Hugenate Kollege, Wellington	beginsels soos onder meer maatskaplikewerkbeginsels en besigheidsbeginsels binne die konteks van privaatpraktykbestuur.
Dr Magdie van Heerden	Dosent aan die Universiteit van Pretoria, Departement maatskaplike werk	Toepaslikheid van bestuursprosesse binne maatskaplikewerk Privaatpraktyk
Prof Attie van Wijk	Rektor Hugenate Kollege, Predikant en Kliniese sielkundige	Toepaslikheid van elemente soos onder meer die self, emosionele intelligensie, omgewingsimpak op 'n privaatpraktyk

Voortspruitend uit hierdie gesprekke met kundiges het die navorser tot die volgende gevolgtrekkings gekom:

- maatskaplike werk leun steeds swaar op die kennisbasis van ander dissiplines, veral in die geval van bestuur. 'n Eie kennisbasis wat die probleme en uitdagings van maatskaplike werk in die besonder sal aanspreek, is nodig.
- Die privaatpraktisyn, ongeag die dissipline waarbinne hy werksaam is, leun swaar op elemente waar individuele groei en selfaktualisering belangrik geag word. Hierby word komponente van emosionele intelligensie en aanpassing by omgewingsverandering ingesluit.
- 'n Teoretiese verwysingraamwerk met komponente van 'n metateorie is nodig om die parameters van hierdie studie te akkommodeer.

1.10.3 Deeglike studie van eenhede van analise

Privaatpraktykbestuur binne maatskaplike werk is 'n wye veld vir navorsing. Ten einde die studieveld te kon afbaken, is daar ook in die voorondersoek grense vir die navorsing getrek wat alle parameters vir die studie insluit, maar steeds gefokus bly op die probleemformulering en die bereiking van die beoogde doel en doelwitte. Elke eenheid van analise se rasionaal vir insluiting is bepaal en begrens na aanleiding van die doelformulering.

1.10.3.1 maatskaplike werk in Suid-Afrika

Eenheid van analise: maatskaplike werk in Suid-Afrika.

Rasionaal vir insluiting: Die eenheid van analise is ingestem op maatskaplike werk as beroep. Die historisiteit van maatskaplike werk, hulpverleningstrukture, professionele samewerking en interdisciplinêre skakeling tussen beroepe en kliëntekorps is uniek en verdien besondere klem.

Begrensing: Daar is slegs na die toepaslikheid van 'n nuwe teoretiese kennis binne maatskaplike werk in die Suid-Afrikaanse samelewing gekyk. 'n Verskeidenheid literatuur vir maatskaplike werk en privaatspraktykbestuur is beskikbaar maar met min of geen toepassing binne die Suid-Afrikaanse konteks. Die argument wat vir hierdie kriteria aangevoer kan word, is dat die unieke samestelling en diversiteit van die Suid-Afrikaanse samelewing 'n eiesoortige model vir privaatspraktykbestuur vra wat deur middel van 'n teoretiese fundering ontwikkel moet word.

Ten spyte van die feit dat globalisering en tegnologie tans landsgrense vervaag, beperk ekonomie, demografie en kultuur 'n geïntegreerde internasionale benadering.

1.10.3.2 Privaatpraktisyns

Eenheid van analise: Privaatpraktisyns in maatskaplike werk.

Rasionaal vir insluiting: Die studie word beplan met die maatskaplikewerk privaatspraktisyn as implementeerder van die voorgestelde praktykmodel. Insluiting van maatskaplikewerkprivaatspraktisyns as eenheid van analise sal dus die verpraktisering van die praktykmodel illustreer. Die privaatspraktisyn word dus in der waarheid die instrument vir die uitvoering van die praktykmodel.

Begrensing van die eenheid van analise: maatskaplikewerk privaatpraktisyns moet voltyds in privaatpraktyk wees om ingesluit te kon word by die navorsing. Die feit dat ekonomiese lewensvatbaarheid as 'n sterk motiveerder vir toetrede tot privaatpraktyk dien, noodsaak hierdie begrensing. Die privaatpraktisyn moet dus volledig afhanklik wees van inkomste verdien uit privaatpraktyk.

1.10.3.3 Ervaring binne maatskaplike werk

Eenheid van analise: Die ervaringsveld binne maatskaplike werk praktyk.

Begrensing van die eenheid van analise: Hierdie kriterium bepaal dat die maatskaplikewerk-privaatpraktisyn vir die doel van hierdie studie ten minste twee jaar binne privaatpraktyk moet funksioneer.

Rasionaal vir insluiting: Hierdie aspek verseker dat die navorser vrae kan stel vanuit die praktyk waar die privaatpraktisyn reeds oor kennis en praktykervaring beskik.

Vanweë die kenmerkend kwalitatiewe aard, is die navorser se persoonlike vermoë vir die uitvoering van die studie ook geëvalueer. Die verloop van die studie is binne 'n tydsbestek van vyf jaar gedoen waar daar in die verloop van die proses ook op intellektuele vlak na definiëring, herdefiniëring, analisering en literatuurvergelyking tot 'n proses van modelontwikkeling gevorder kon word.

1.11 Omskrywing van universum, steekproef en steekproefprosedure

Die studie is in die reël onderneem met die oog daarop om die omvang van maatskaplikewerk-privaatpraktyk tot 'n werkbare model te reduceer. Hierdie proses moet egter geskoei wees op 'n wetenskaplik betroubare werkwyse. Die teoretiese komponent van die studie is soos reeds vroeër genoem deur middel van 'n omvattende literatuurondersoek en konsultasie met kundiges afgehandel. Die empiriese komponent van die studie word aangespreek in die navorsingsdoelwitte wat so geformuleer is dat die inligting wat in die model reflekteer, ook verband hou met die realiteit in praktyk. So is die tweede en vierde navorsingsdoelwit afgestem op hierdie empiriese

komponent, waar respondente betrek word in (a) 'n kwalitatiewe beoordeling van die benutbaarheid van die ontwikkelde model en (b) om die profiel van bestaande privaatpraktyke in Suid-Afrika te verken. Dit is egter belangrik om na die omskrywing van die universum, steekproef en steekproefprosedure te kyk ten einde 'n volledige beeld van dit wat binne die empiriese deel van die navorsing gedoen is, te vorm.

1.11.1 Universum

Met universum verwys Arkava en Lane in Strydom en Venter (2002:198) na "*all potential subjects who possess the attributes in which the researcher is interested*". Hieruit kan afgelei word dat die universum die totale populasie van die verskynsel of gebeure wat bestudeer word, insluit. Die universum vir die ondersoek bestaan dus uit alle geregistreerde privaatpraktisyns in die Republiek van Suid-Afrika, soos vervat in die register van die Vereniging vir Privaatpraktisyns in maatskaplike werk in Suid-Afrika (SAASWIPP). Ten einde by die operasionalisering van doelwit twee, naamlik die verkenning van die profiel van bestaande Suid-Afrikaanse privaatpraktyke te kom, sal die totale universum betrek word aangesien die databankgrootte 'n werkbare eenheid van nagenoeg 1 200 proefpersone bevat. Daar bestaan ook geen rede hoekom 'n steekproef vir hierdie komponent van die studie getrek hoef te word nie, aangesien die omvang van die verskynsels nie so groot is dat die empiriese verwerking onmoontlik is nie.

Die evaluering van die benuttingswaarde van die ontwikkelde praktykmodel, vra egter die gebruik van steekproeftrekking.

Die steekproef en wyse van steekproeftrekking vir hierdie komponent van die navorsing word vervolgens bespreek.

1.11.2 Die steekproef en steekproeftrekking

Vir die omskrywing van wat 'n steekproef is, noem Seaberg in Strydom en Venter (2002:199) dat 'n steekproef 'n klein deel van die totale eenhede, gebeure of persone uitmaak wat as die populasie van die ondersoek bekend staan. Die belangrikste aspek wat binne steekproeftrekking vir hierdie studie geld, is die feit dat die steekproef wat getrek word vir die bereiking van doelwit vier, naamlik die evaluering van die benuttingswaarde van die ontwikkelde praktykmodel, 'n proses van deurlopende vergelyking tussen die teorie en praktyk moet fasiliteer. Hier noem Strydom en Venter (2002:334) dat die vergelykingsproses wat plaasvind, mag geskied op grond van die feit dat die navorser alle aspekte van die navorsingsonderwerp goed verstaan en nou 'n vergelyking wil tref tussen komponente in die literatuur en komponente in die praktyk.

Hieruit kan dus afgelei word dat die metode van steekproeftrekking nie ten doel het om verteenwoordigend te wees nie en bekend staan as nie-waarskynlikheidseleksie steekproewe. Die rasionaal hieragter is dat elke geval wat geselekteer word, 'n goeie verteenwoordiging van dit wat nagevors wil word, sal verteenwoordig. Die wyses wat gebruik word binne nie-waarskynlikheidseleksie steekproewe is onder meer volgens Strydom en Venter (2002:334):

- (i) Doelgerigte steekproewe;
- (ii) teoretiese steekproewe;
- (iii) afwykende-geval steekproewe of sogenaamde "deviant case sampling";
- (iv) opeenvolgende steekproewe;
- (v) sneeubalsteekproewe; en
- (vi) vrywillige steekproewe.

Vir die doeleindes van hierdie studie word die doelgerigte steekproefwyse gebruik en soos volg gemotiveer. Hierdie steekproef berus op die oordeel van die navorser en volgens Singleton *et al* in Strydom (2002:207) val die klem op die feit dat die navorser 'n steekproef van persone saamstel wat volgens sy oordeel die mees kenmerkende eienskappe van die betrokke populasie openbaar en in die besonder inligting verskaf waarna die navorser op soek is. Vir die doeleindes van hierdie navorsing is drie fokusgroepe met ses tot tien proefpersone elk geselekteer vir deelname aan die

studie. 'n Totaal van ses en twintig respondente het aan die fokusgroepbesprekings deelgeneem.

Kriteria vir seleksie van hierdie proefpersone was soos volg:

- Proefpersone moes in maatskaplikewerk privaatpraktyk as voltydse beroep werksaam wees;
- proefpersone moes langer as twee jaar in privaatpraktyk werksaam wees; en
- proefpersone moes maatskaplike werk as primêre metode binne privaatpraktyk beoefen.

Die rasionaal hieragter was om ryk kwalitatiewe inligting te versamel ten einde te oordeel of die komponente wat ingesluit is in die ontwikkelde model, volgens hierdie respondente benuttingswaarde vir praktyk sou hê. Die kriteria wat vir seleksie gekies is, het verseker dat die navorser die ontwikkelde model met die mees geskikte respondente klankbord.

Die gebruik van proefpersone laat bepaalde etiese aspekte binne die navorsingsproses na vore tree. Hierdie etiese aspekte is soos volg binne die studie aangespreek.

1.12 Etiese aspekte

Dit is volgens Strydom (2002:63) noodsaaklik dat proefpersone wat gebruik word in sosiale navorsing, bewus moet wees van die aard en omvang van die navorsing waaraan hulle deelneem. Die gevolgtrekking wat hieruit gemaak kan word, is dat daar altyd binne sosiale navorsing etiese regverdiging moet bestaan vir elke komponent van veral die empiriese aspekte van die studie.

Die navorser het vir die doeleindes van hierdie studie 'n aansoek om goedkeuring van navorsing waarby proefpersone betrokke is, by die Navorsingsvoorlegging- en Etiese komitee van die Fakulteit Geesteswetenskappe, aan die Universiteit van Pretoria ingedien. Hierdie aansoek is formeel op 30 November 2002 goedgekeur.

Die volgende etiese aspekte het aandag in hierdie studie ontvang:

1.12.1 Ingeligte toestemming

Vir die doeleindes van hierdie studie is etiese aspekte binne die fokusgroepe deur middel van ingeligte toestemming hanteer. Die ingeligte toestemmingsvorm wat aan elke fokusgroeplid vooraf saam met sy voorbereidingswerk gestuur is, word in Bylae 1.1 vervat.

Deur ingeligte toestemming te verkry het die navorser gepoog om alle relevante en toepaslike inligting in die vorm van 'n ooreenkoms aan groeplede beskikbaar te stel. In hierdie dokument is alle moontlike voordele, nadele en gevare waaraan die fokusgroeplid moontlik blootgestel kon word, uiteengesit. In hierdie verband noem Strydom (2002:65) dat die klem van so 'n dokument op die akkurate en volledige weergee van die aard en omvang van die navorsing val, ten einde seker te maak dat deelnemers ingelig en vrywillig deelneem aan die navorsing.

Die navorser is van mening dat hierdie ingeligte toestemming 'n bepaalde gesagskomponent en kredietwaardigheid aan die navorsingsproses verleen het. Die feit dat die ingeligte toestemming deel gevorm het van die voorbereidingswerk vir die fokusgroepe, is deur verskeie fokusgroeplede verwelkom en positief ervaar.

Die tweede komponent wat etiese implikasies binne hierdie studie gehad het, was die insameling en ontleding van sekondêre data.

1.12.2 Etiese implikasies vir sekondêre data-ontleding in Hoofstuk vyf

In Strydom en Delport (2002:331) word opgemerk dat bepaalde nadele met betrekking tot sekondêre data-ontleding bestaan, waaronder vertroulikheid en anonimiteit genoem word.

Alhoewel die databank van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir maatskaplike werkers in Privaatpraktyk (SAASWIPP) op kompakskyf (CD-Rom) beskikbaar is en aan alle geregistreerde lede - waarvan die navorser ook een is - vrylik beskikbaar gestel word, is dit tog nodig om op te merk dat inligting vanaf hierdie databank primêr vir gebruik van geregistreerde privaatpraktisyns is. Geen riglyne of beperking word egter deur SAASWIPP geplaas op die gebruik van die inligting nie. Daar is egter vanuit 'n etiese beredenering wel gronde hoekom hierdie inligting op die databank met groot omsigtigheid gebruik moet word. Hierdie gronde is onder meer die feit dat geregistreerde lede hulle besonderhede met 'n tweeledige doel aan SAASWIPP verskaf:

- (a) Vir registrasiedoeleindes, en
- (b) vir kollegiale bemarkingsdoeleindes en onderlinge netwerking tussen lede.

Die hergebruik van hierdie inligting mag die vertroulikheidsverhouding wat lede in SAASWIPP stel, beïnvloed. Die navorser het egter met die analise en interpretasie van die data wat opgeneem is in die profiel vir privaatpraktyk in Suid-Afrika, so te werk gegaan dat geen gevolgtrekking oor ras, geloof, kultuur, geslag of kwalifikasie gemaak is nie ten einde aanstoot of afkeur te vermy. Verder is geen besonderhede van enige lede binne die navorsingsverslag gereflekteer nie en geen afleiding is gemaak wat moontlik die vertroulikheidsbeginsel sou kon skaad nie.

'n Tweede etiese aspek met betrekking tot sekondêre data-ontleding wat deur Strydom en Delpont (2002:331) genoem word, is die kwessie van kopieregskending. Die inligting op die Databank word egter nie deur enige kopiereg beskerm nie. Die feit dat die navorser 'n geregistreerde lid van SAASWIPP is, bied aan haar bepaalde voordele, waaronder die vrylike gebruik van die inligting soos voorsien op die kompakskyf (CD-Rom). Erkenning word ook deurgaans aan SAASWIPP verleen vir die gebruik van inligting vanuit die databank.

1.13 Definisies van hoofkonsepte

Vir die doeleindes van hierdie studie is dit belangrik dat sekere sleutelbegrippe omskryf word. Dit mag egter wees dat hierdie konsepte binne die verloop van die studie herdefinieer sal word ten einde 'n inklusiewe beeld van maatskaplike werk daar te stel. Hierdie definisies word dus aangebied ter verduideliking van konsepte en begrippe wat primêr vir die leser as vertrekpunt vir hierdie studie kan dien.

1.13.1 maatskaplike werk

'n Definiëring van wat maatskaplike werk is, mag nooit verwyderd staan van die doel waarvoor dit geformuleer is nie. Elke definisie omskryf 'n bepaalde konsep en verduidelik 'n aspek wat vir daardie spesifieke doel gebruik kan word.

Vir die doel van hierdie studie word maatskaplike werk gesien as 'n wetenskap met 'n professionele identiteit. Dit is ook belangrik dat etiek, waardes en norme van maatskaplike werk binne hierdie omskrywing gevind sal word. Volgens die Nuwe Woordeboek vir maatskaplike werk (1995:30) is maatskaplike werk 'n "professionele diens wat deur 'n maatskaplike werker gelewer word, wat gerig is op die bevordering van die maatskaplike funksionering van die mens".

Binne hierdie definisie word die doel en aksies van maatskaplike werk omskryf. Dit is gefokus op die mens en erken die noodsaaklikheid van die bevordering van lewenskwaliteit. Die *aktiwiteit* wat in sameloop met die proses gaan, word dus erken, en verander die definisie hierdeur eerder in 'n operasionele beskrywing, dit wil sê waar die aksie van die beroep eerder as die filosofie daarvan beskryf word.

Die internasionaal erkende definisie wat opleidingstandaarde vir maatskaplike werk in Suid-Afrika rig is opgeneem in die Staatskoerant, 7 Februarie 2003 en lui soos volg:

"The social work profession promotes social change, problem solving in human relationships and the empowerment and liberation of people to enhance wellbeing. Utilising theories of human behaviour and social systems, social work intervenes at the points where people interact with their environments. Principles of human rights and social justice are fundamental to social work." (RSA, Government Cassette, 24362: 2003)

In hierdie definisie word die persoonsgesentreerde benadering ten opsigte van hulpverlening beklemtoon. 'n Fokus op die ontwikkelingsbehoefte van gemeenskappe en die hulpverleningstrategieë ten opsigte van hierdie behoeftes is veral belangrik. Die beklemtoning van die aard en taak van maatskaplike werk spruit ook uit hierdie definisie. Die debat rondom die aard van maatskaplike werk word deur Hamilton in Payne (1991:23) soos volg omskryf: "*The first is that the human event consists in person and situation ... which constantly interact, and the second that the characteristic method of social work incorporates within its processes both scientific knowledge and social values in order to achieve its ends.*" Dit is dan veral vanuit hierdie definisie belangrik dat die balans tussen wetenskaplike kennis, die waardes van die beroep en die behoeftes vanuit die gemeenskap gevind moet word.

In die Merriam-Webster woordeboek (2003) word maatskaplike werk omskryf as "*any of various professional activities or methods concretely concerned with providing social services and especially with the investigation, treatment and material aid of the economically underprivileged and socially maladjusted*". 'n Verdere invalshoek waar die fokus ook na kwesbare en benadeelde groepe uitgebrei word, word gevind in die Britannica Concise Encyclopedia (2003) met die volgende beskrywing: "*Any of various professional activities or methods concerned with providing social services such as investigatory and treatment services or material aid to disadvantaged, distressed, or vulnerable persons or groups*." . Die taak van 'n maatskaplike werker om as 'n bemiddelaar, 'n waghond en segsman vir die mees armoedige en gemarginaliseerde lede van die samelewing op te tree word hier duidelik onderskei.

maatskaplike werk is dus primêr gefokus op dienslewering aan die individu, die groep of gemeenskap waar 'n behoefte tot materiële of emosionele nood bestaan. Die diens word op professionele beginsels geskoei wat deur 'n opgeleide maatskaplike werker aan die betrokke kliëntsisteem voorsien word. Die beoefening daarvan verskaf 'n graad van morele erkenning en altruïsme onder die wat dit beoefen en die beoefening daarvan voldoen aan sosiale verwagtings en verrig 'n sosiale funksie.

1.13.2 Privaatpraktyk

Aangesien privaatpraktyk die eenheid van ontleding binne hierdie studie is, sal dit gepas wees om die konsep te omskryf. Privaatpraktyk word deur die Nuwe Woordeboek vir maatskaplike werk (1995:38) omskryf as die "beoefening van maatskaplike werk deur 'n privaatpraktisyn".

Geen melding word egter binne hierdie definisie gemaak van finansiële vergoeding vir die dienste gelewer deur die privaatpraktisyn nie. Bogenoemde definisie word verder deur die navorser as 'n operasionele definisie beskou en omskryf nie die teoretiese komponent waarbinne die grense, beperkings en aard van privaatpraktyk vervat word nie. Daar word dus slegs verwys na 'n aksie wat binne die grense van maatskaplike werk beoefen word. Die definisie van Barker (1992:14) gee in hierdie verband egter 'n duideliker omskrywing: "*In Social work, the process in which the values,*

knowledge and skills of social work, which were acquired through sufficient education and experience, are used to deliver social services autonomously to clients in exchange for mutually agreed payment".

Hier word die proses, aard en verband van privaatpraktyk uiteengesit met 'n uitkoms wat die diens verskillend maak van ander primêre wyses van maatskaplikewerkbeoefening, naamlik wedersydse ooreenkoms oor betaling. Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat privaatpraktyk verwys na die beoefening van maatskaplike werk deur 'n maatskaplikewerk privaatpraktisyn waar die aard van die werk gepaard gaan met dienslewering teen vergoeding, soos ooreengekom tussen die betrokke partye.

1.13.3 maatskaplike werker en privaatpraktisyn

In hierdie studie word die begrippe maatskaplike werker en privaatpraktisyn by herhaling gebruik en aangesien 'n privaatpraktisyn ook maatskaplike werker impliseer, sal beide omskryf word. Die Nuwe Woordeboek vir maatskaplike werk (1995:30) omskryf die twee begrippe soos volg:

'n maatskaplike werker is "... 'n persoon wat volgens die Wet op Maatskaplike Diensberoep, 1978 (RSA, Wet 110 van 1978) geregistreer en gemagtig is om maatskaplike werk te beoefen". 'n Privaatpraktisyn is 'n "maatskaplike werker wat sy professie alleen of in vennootskap met een of meer maatskaplike werkers, bedryf".

Vir die doeleindes van hierdie studie word die term maatskaplike werker in privaatpraktyk of privaatpraktisyn as sinonieme gebruik en word volstaan met die definisie soos opgeneem in die Nuwe Woordeboek vir maatskaplike werk (1995).

1.13.4 Privaatpraktykbestuur

Volgens Bruwer en Cilliers (1996:1) kan bestuur beskryf word "as die proses waardeur hulpbronne aangewend word met die doel om geleenthede te gebruik om belangrike ekonomiese doelwitte (wins) te bereik".

Drucker omskryf bestuur in die Harvard Business Review (1995:64) soos volg: "... management requires precise analysis, rigorous allocation of resources, and timely decision making". 'n Verdere omskrywing deur dieselfde outeur noem: "... *to strive for the best possible economic results from the resources currently employed or available.*"

Vir die doeleindes van hierdie studie sal privaatpraktykbestuur dus verwys na die bestuur van hulpbronne binne 'n maatskaplikewerk privaatpraktyk ten einde die privaatpraktisyn in staat te stel om maatskaplikewerkdienste aan kliënte in ruil vir vergoeding te voorsien.

1.13.5 Praktykmodel

Met die verwysing na praktykmodel word klem geplaas op 'n praktykgerigte model wat nie na 'n metode verwys nie, maar eerder 'n privaatpraktisyn toerus om 'n verwysingsraamwerk van die werklikheid te hê.

In Sheafor, Horejsi en Horejsi (2000:51) verwys 'n praktykmodel na 'n stel konsepte en beginsels ten einde aktiwiteit te rig. Hierdie skrywers gaan voort deur te noem dat 'n praktykmodel nie nodig het om gedrag te verklaar nie, maar slegs 'n verteenwoordiging van die werklikheid op kleiner skaal bied.

Met verwysing na model verwys Kerlinger in De Vos (2002:43) na die komponente van 'n model wat voortspruit uit teorie. Verder noem De Vos (2002:43): "*first postulate a theory and then build a model or models from that theory*". Hieruit kan afgelei word dat 'n praktykmodel dus vir die doeleindes van hierdie studie verwys na 'n model wat geskoei is op 'n verwysingsraamwerk wat toepaslik en werkbaar binne maatskaplikewerk privaatpraktyk vir die privaatpraktisyn sal wees.

1.14 Leemtes en probleme wat tydens die studie ervaar is

Hoofstuk twee: 'n Leemte na toepaslike literatuur geskoei op die Suid-Afrikaanse konteks is deur die navorser ondervind. Die teoretiese verwysingsraamwerk wat binne die Suid-Afrikaanse konteks toepaslik is, is steeds in wese geskoei op 'n model wat nie alle komponente van 'n diverse samelewing weerspieël nie. Die praktykmodelle wat geskoei is op bemagtiging is binne konteks meer toepaslik maar is nuut en vra meer toepaslike navorsing binne die werksterreine van maatskaplike werk.

Verskeie aangepaste modelle bestaan in die literatuur rondom die Algemene Sisteemteorie, (Von Bertalanffy, 1955 en Skyttner, 2001) waaronder die Chaosteorie (Peters, 1990) en die toepassing daarvan binne 'n veranderende omgewing (Hudson, 2000) ressorteer. Die feit dat die integrering van bogenoemde aspekte nie in hierdie hoofstuk gedoen is nie sou as 'n leemte beskou kon word alhoewel die navorser met die bestudering van die literatuur wel die toepaslikheid vir hierdie studie sou kon bevraagteken.

Hoofstuk drie: 'n Probleem wat ervaar is, is dat konsepte rondom waarde- en normsisteme en etiek binne bestuursprosesse dikwels nie beskryf word in die literatuur nie en dat die beskrywing hiervan dikwels geskoei is op literatuur oor universele lewensbeginsels. Die beleving teenoor die beskrywing van etiek in die besigheidswêreld verskil ook in die sin dat geen wesenlike etiese kode vir besigheid bestaan nie, nog minder is hierdie etiese beginsels afdwingbaar in praktyk. Om etiek in die besigheidswêreld te beskryf is wetenskaplike studie op sig self.

Hoofstuk vier: Ten einde 'n sinvolle beredenering van die mees toepaslike beginsels vir 'n model vir privaatpraktyk te doen, het die navorser die problematiek en dinamika van kultuur moes insluit. Die studie bied egter nie genoeg ruimte vir 'n meer volledige interpretasie hiervan nie, wat as 'n leemte beskou kan word.

Hoofstuk vyf: Die studieveld van entrepreneurskap en entrepreneuriese prosesse is problematies deur die navorser beleef aangesien empiries getoetsde literatuur beperk is en literatuur wat oor entrepreneurskap beskikbaar is dikwels op veralgemenings en onwetenskaplike aannames

gebaseer is. Literatuur is geredelik beskikbaar maar min van akademiese waarde. Die proses om die mees relevante en toepaslike literatuur vir die praktykmodel te selekteer was tydrowend en duur.

Hoofstuk ses: Baie suggesties oor die inherente karaktertrekke van die maatskaplike werker bestaan. Die wetenskaplike bestudering van hierdie karaktertrekke is beperk. Die voorstelle wat dus in die literatuur gedoen word oor hoe die inherente karaktertrekke van 'n maatskaplike werker veronderstel is om te lyk, is bloot op aannames gebaseer en moet in wetenskaplike navorsing bestudeer word.

Die indeling van die navorsingsverslag bied aan die leser 'n kompakte oriëntering van die inhoud wat in hierdie verslag verwag kan word en word soos volg uiteengesit.

1.15 Indeling van die navorsingverslag

Alhoewel die intervensienavorsingsmodel van Rothman en Thomas (1994) en meer spesifiek die ontwerp en -ontwikkelingsmodel gevolg is, is die navorsingsverslag ingedeel volgens die uiteensetting soos tradisioneel bekend is binne sosiale navorsing. Hierdie prosedure bied 'n eerste hoofstuk as inleidende oriëntering waarna 'n literatuurstudie en empiriese data volg en waar ten slotte afgesluit word met gevolgtrekkings en aanbevelings. Die rede hoekom hierdie tradisionele prosedure gevolg word, is ten einde die leser van die navorsingsverslag 'n duidelike beeld van die aard en omvang van die literatuurstudie as primêre komponent in hierdie studie van die navorsingsproses te gee. Indien die navorsingsverslag ingedeel is volgens die prosedures van die intervensienavorsingsmodel sou die belangrikheid van die literatuurstudie en die weerspieëling van die inhoud van die voorgestelde model nie so duidelik en omvangryk kon geskied nie.

Die volgende uiteensetting van elke hoofstuk bied 'n kompakte weergawe van die struktuur en verloop van die studie.

Die strukturering van die studie geskied in Hoofstuk twee met die sentrale fokus rondom die teoretiese verwysingsraamwerk waaruit die navorser gewerk het. Ten einde 'n model te ontwikkel

is 'n teoretiese verwysingsraamwerk daarvoor nodig. Hierdie hoofstuk bied ook die grondslag vir 'n universele multidissiplinêre benadering tot alle ander literatuurhoofstukke. Die teoretiese verwysingsraamwerk bied dus die konteks waaruit die navorser werk. Hierdie kontekstualisering geskied vanuit die Sisteemteoretiese benadering. Sleutelkonsepte vir Hoofstuk twee sluit onder meer in: die Sisteemteorie, inset-deurset-uitsette, die omgewing, verandering binne die sisteem. 'n Struktuur vir 'n praktykmodel vanuit 'n sistemiese perspektief met klem op konsepte, beginsels, elemente en prosesse binne die sisteem. Hierdie komponente word as teoretiese struktuur vir die verloop van die res van die studie voorgestel.

Hoofstuk drie spreek die eerste komponent binne die voorgestelde struktuur van die praktykmodel, naamlik konsepte, vanuit 'n sistemiese benadering aan. Die fokus van Hoofstuk drie is onder meer om ondersoek in te stel na die mees toepaslike konsepte vir 'n praktykmodel in maatskaplikewerk privaatrektykbestuur en fokus op die volgende sleutelkonsepte: toepaslike waarde en normsisteme binne privaatrektyk, etiek en etiese besluitneming binne privaatrektyk en die bemagtigingsproses binne privaatrektyk.

Nadat die toepaslike konsepte ondersoek en beskryf is, volg Hoofstuk vier met die tweede komponent van 'n privaatrektykmodel, naamlik die mees toepaslike beginsels in privaatrektyk waar sleutel terme onder meer maatskaplikewerkbeginsels, entrepreneuriese beginsels en bestuursbeginsels ingesluit is.

In Hoofstuk vyf volg die derde komponent van belang binne 'n privaatrektykmodel, naamlik die mees toepaslike prosesse wat binne privaatrektyk relevant is. Hier sluit die sleutel terme onder meer maatskaplikewerkprosesse, bestuursprosesse en entrepreneuriese prosesse in. In hierdie hoofstuk word 'n profiel van maatskaplikewerk privaatrektyk gekonstrueer ten einde die praktyk in verband te bring met dit wat die literatuur vir maatskaplike werk voorstel. Prosesse in die literatuur sluit onder meer gevallewerk, groepwerk en gemeenskapswerk in. Die gekonstrueerde profiel bied 'n blik op praktyk en of hierdie prosesse ook in maatskaplikewerk privaatrektyk inslag vind.

Hoofstuk ses sluit met die vierde komponent van 'n praktykmodel, naamlik die mees toepaslike elemente af, waar sleutel terme onder meer die interne en eksterne elemente vanuit die omgewing insluit. Omgewingsverandering en die hantering van nie-liniêre terugvoer vanuit die omgewing word ook binne hierdie hoofstuk bespreek.

In Hoofstuk sewe word daar, nadat die literatuuronderzoek afgehandel is, gefokus op die metodes en navorsingsprosesse wat gevolg is binne die studie ten einde by die doelwitte en beantwoording van die navorsingsvrae wat gestel is, te kon uitkom. Hierdie hoofstuk reflekteer dus die indiepte bespreking van die navorsingsmetodologie vir die studie.

Binne Hoofstuk agt word die empiriese bevindings van die studie weergegee binne die raamwerk van die intervensie navorsingsmodel. Hierdie onkonvensionele wyse vir die weergee van empiriese data bied 'n kreatiewe struktuur waarbinne die praktykmodel gestalte kon vind.

In Hoofstuk nege word tot 'n sintese gekom met die belangrikste gevolgtrekkings voortvloeiend uit hoofstuk agt. Vanuit hierdie gevolgtrekkings word spesifieke aanbevelings vir die aanwending van hierdie model gemaak. Hoofstuk nege bespreek ook aanbevelings en tekortkomings wat vanuit die navorsingsproses met verloop van die studie ontwikkel het, sodat 'n volgende navorsingsproses sinvol hieruit kan voortvloei.

Elke hoofstuk is gestruktureer aan die hand van 'n figuur wat die verloop van die literatuurstudie as deel van die navorsingsproses uitwys. Hierdie figuur reflekteer ook die proses van modelontwikkeling en dui die fase van modelontwikkeling aan. Hoofstukke is met grafiese voorstelle, figure en tabelle ondersteun ten einde die inhoud te struktureer en makliker te interpreteer.

Eenvoudige statistiese prosedures in Hoofstuk vyf vergemaklik die interpretasie van die data en bied die leser die geleentheid om maklik tot gevolgtrekkings rondom die data te kom.

Die kwalitatiewe verwerking van data word volledig in Hoofstuk agt weergegee ten einde die wetenskaplikheid van die gevolgtrekkings te verhoog. Die navorsingsverslag word afgesluit met 'n omvattende bibliografie wat die aard en omvang van die literatuurstudie weerspieël. Bylaes is as

ondersteunende materiaal ná die bibliografie in die verslag ingebind ten einde enige onduidelikheid ten opsigte van die totale omvang van die studie op te klaar.

1.16 Samevatting

Hierdie hoofstuk het 'n algemene oriëntering met verwysing na die uiteensetting van die verloop van die studie verskaf. Dit omsluit 'n professionele en persoonlike motivering wat navorsing oor die onderwerp regverdig. Dit bied verder 'n formele probleemformulering met die doel en doelwitte om hierdie geformuleerde probleem aan te spreek en die wyse waarop die doel bereik sal word.

Dit sluit verder die navorsingsvraag, die benadering wat gevolg gaan word, en die soort navorsing wat in die studie verwag kan word, in. Verder verduidelik hierdie hoofstuk hoe die strategie gaan lyk wat die navorser gaan gebruik om die navorsing aan te pak en bied die hoofstuk verder 'n verduideliking van die navorsingsprosedure en werkwyse wat die navorser gevolg het.

Die hoofstuk word afgesluit met die etiese aspekte wat binne die navorsing aangeraak word en wyses waarop dit hanteer is. Vanuit Hoofstuk een vloei daar dus 'n strukturering vir die studie na Hoofstuk twee wat die teoretiese vertrekpunt in die vorm van 'n teoretiese verwysingsraamwerk sal bied.

HOOFSTUK 2

'N TEORETIESE VERWYSINGSRAAMWERK VIR 'N VOORGESTELDE MODEL IN MAATSKAPLIKEWERK PRIVAATPRAKTYKBESTUUR

2.1 Inleiding

Ten einde die belangrikheid van 'n teoretiese verwysingsraamwerk binne die konteks van hierdie studie te plaas, is dit nodig om uit te klaar wat bedoel word met teoretiese verwysingsraamwerk en wat die doel van so 'n verwysingsraamwerk sal wees. Die daarstelling van 'n teoretiese verwysingsraamwerk het ten doel om as vertrekpunt binne modelontwikkeling te dien, wat dan ook die doel van hierdie studie is. Daar kan ook na die teoretiese verwysingsraamwerk as die beginfase of anker waarop die konsepte, beginsels, elemente en prosesse van 'n model geskoei is, verwys word.

Hierdie proses waarbinne die sogenaamde anker van die studie geïdentifiseer word, maak dus deel uit van die proses waarbinne konstruksie gedefinieer word. Delpont (2002:192) verwys hierna as die proses waar gespesifiseer word wat met elke konsep bedoel word en waar dit in die geheel inpas. Delpont en De Vos (2002:49) verwys verder na teorie - binne konteks van die teoretiese verwysingsraamwerk - as die rigtinggewer in alledaagse praktyk. Die rasionaliteit van die teoretiese verwysingsraamwerk vir hierdie studie kan dus gevind word in die feit dat die gekose verwysingsraamwerk die ruimte laat vir ontwikkeling van 'n nuwe praktykmodel binne die grense van maatskaplike werk, maar ook ontwikkeling buite die tradisionele grense sal toelaat ten einde nuwe konsepte, beginsels, elemente en prosesse te akkommodeer vir 'n voorgestelde praktykmodel wat ontwikkel sal word.

Die teoretiese verwysingsraamwerk vir hierdie studie is gebaseer op die Sisteemteorie met hierdie hoofstuk wat fokus op die teoretiese vertrekpunte van die Sisteemteorie en die toepassing daarvan op 'n praktykmodel. 'n Bespreking van wat 'n model is en hoe modelontwikkeling geskied, sal die grondslag bied vir die konsep praktykmodel wat binne die studie ten doel gestel is.

2.2 Konseptualisering van wat verstaan word onder 'n model

Die begrip "model" word binne die konteks van sosiale wetenskap deur De Vos (2002:38) verduidelik as die omraming van 'n sosiale fenomeen se mees kenmerkende eienskappe sonder om hierdie eienskappe te verklaar of te voorspel. Die doel van hierdie omraming kan dus beskou word as 'n representasie van die werklikheid op kleiner skaal. Die doel van die daarstelling van 'n model word deur dieselfde outeur verder verduidelik as 'n representasie van die werklikheid met 'n fokus op 'n kleiner deel wat vir die konteks van 'n spesifieke studie tersaaklik sal wees. Die uiteinde van 'n model kan dus beskou word as die ontleding van 'n "deel" van die werklikheid met ander "dele" van die werklikheid wat ontbreek, omdat die gebruik en toepaslikheid in die gegewe situasie nie relevant is nie.

Wat verder belangrik is, is dat hierdie model wat veronderstel is om verteenwoordigend van die geheel te wees, vanuit 'n teoretiese begronding gebore moet word. Verskeie argumente wat verskillend van mekaar is, is hieroor in die literatuur gevind (vergelyk Dubin in Mouton, 1996:195). Sommige bepleit die belangrikheid van 'n teoretiese begronding voor modelontwikkeling en ander fokus op 'n aanvanklike model met teorie wat weer daaruit gebore word. Vir die doeleindes van hierdie studie sal 'n teoretiese begronding as vertrekpunt geneem word ten einde die navorser se fokus op die belangrikheid van die dinamiese interaksie tussen sisteme onderling te vestig. Aangesien die navorser dus aanspraak maak op bestaande teoretiese vertrekpunte en 'n model daaruit wil ontwikkel, moet die regte keuse vir 'n teoretiese verwysingsraamwerk gemaak word. Hierdie aspek word later in die hoofstuk met groter omsigtigheid aangespreek. Kerlinger in De Vos (2002:38) stel die belangrikheid van 'n teoretiese verwysingsraamwerk soos volg: "*The model springs from a theory.*" Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat hierdie stelling die begronding bied vir 'n teoretiese verwysingsraamwerk en die verband tussen die teoretiese verwysingsraamwerk en 'n nuut ontwikkelde model uitspel.

In aansluiting hierby noem Sheafor, Horejsi en Horejsi (2000:82) dat 'n teoretiese verwysingsraamwerk, alvorens dit in maatskaplike werk van toepassing gemaak kan word, oor bepaalde voorvereistes moet beskik, waaronder die volgende:

- Die verwysingsraamwerk moet 'n duidelike doel, waardesisteem en etiese riglyn vir implementering hê;
- die verwysingsraamwerk moet maklik gekommunikeer kan word met duidelik geformuleerde konsepte, beginsels, hipoteses en definisies;
- die verwysingsraamwerk moet betekenis hê en maklik verstaanbaar wees vir die leek;
- die verwysingsraamwerk moet die maatskaplike werker bystaan in die verklaring en begryp van komplekse en soms chaotiese omgewings of situasies; en
- die verwysingsraamwerk moet op 'n empiriese begroning gebaseer wees.

Alvorens die navorser dus 'n model kan ontwikkel, is daar binne die teoretiese verwysingsraamwerk 'n proses waarbinne tersaaklike funksies geïdentifiseer moet word. Die tersaaklike funksies van toepassing op hierdie studie sal onder meer wees: Wat is die doel van hierdie model? Hoekom wil die navorser 'n model gebruik om die navorsingsprobleem aan te spreek? Die antwoorde hierop kan onder meer gevind word in die feit dat die gebruik van 'n model sowel 'n heuristieke (ontdekkende) funksie as 'n verklarende funksie binne hierdie studie sal hê. In die werk van Mouton en Marais (1990:141) verwys die skrywers onder meer na die belangrike kenmerke van 'n model, veral die proses van "isolering" waar inhoud ontleed word en die mees tersaaklike dele onder 'n "vergrootglas" geplaas kan word en die minder tersaaklike dele subtiel geïgnoreer kan word. Binne die konteks van die studie is dit dus toepaslik om te verwys na sowel die ontdekkende as verklarende funksies relevant tot die probleemformulering, doel van die studie en die navorsingsvraag wat hierdeur beantwoord kan word.

2.3 Die proses van modelontwikkeling

Modelontwikkeling is 'n integrale deel van wetenskaplike navorsing. Volgens Mouton (1996:51) kan die belangrikheid soos volg omskryf word: "*Model building has been accentuated and accelerated by many forces in contemporary life. Models seem appropriate to the new world of computers ... In*

trying to bring some order out of the variety of models, one soon discovers that there is a great deal of overlap, and that widely different usages exist⁴.

Wanneer daar na modelontwikkeling gekyk word, kan dit nie geskied sonder die erkenning van die interafhanklike verhouding tussen teorie en model nie. Vir die doeleindes van wetenskaplike navorsing word daar dikwels na die proses verwys waaraan navorsing herken kan word. Hierdie proses se doel is om die navorsingsvraag wetenskaplik te begrond en te beantwoord met nuut verworwe kennis. Die verskil tussen teorie en model - waar teorie "verklaar" en model "vereenvoudig en weerspieël" - sluit dus by mekaar aan in die sin dat beide 'n noodsaaklike taak verrig in die beantwoording van die navorsingsvraag.

Binne die proses van modelontwikkeling noem De Vos (2002:42) dat daar verwys word na die "*problem solving bridges*" waar hierdie ontwikkelingsproses saamloop met die beoefening van 'n professie. In die geval van hierdie studie is hierdie aspek ook relevant, aangesien die daarstelling van 'n praktykmodel deur middel van 'n proses van intervensienavorsing aanleiding gee tot die oplossing van 'n bestaande probleem binne maatskaplike werk, naamlik die afwesigheid van riglyne vir privaatpraktykbestuur.

Verskeie aspekte word deur Mouton (1996:55) as noodsaaklike agtergrondkennis binne die ontwikkeling van 'n model beskou:

- Die konsepte en konstrukte wat binne 'n model geplaas moet word, moet baie duidelik omskryf en geken word deur die navorser.
- Slegs die mees toepaslike dele van die fenomeen en die aspekte wat beheer uitoefen oor hierdie dele sal binne 'n model tuishoort.
- Waar ookal moontlik, moet verhouding, veranderlikes en koerse binne die model gemeet kan word en nie direk vanuit die literatuur onttrek word nie.
- Aangesien 'n model duidelik die fenomeen wil vereenvoudig, kan dit beskou word as 'n "asof"-raamwerk en hoef dit nie empiries getoets te word nie.

Binne die ontwikkeling van 'n model vir maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur is die volgende aspekte verder van belang:

- 'n Nuut ontwikkelde model sal verskeie aspekte van menslike gedrag en interaksie moet beskryf en verklaar.
- 'n Nuut ontwikkelde model sal navorsing met observasie moet integreer.
- 'n Nuut ontwikkelde model sal komplekse konsepte, beginsels, prosesse en elemente binne werkbare eenhede moet kan vereenvoudig.
- 'n Nuut ontwikkelde model sal leiding en rigting vir observasie moet kan bied.

Binne die literatuur word vyf kategorieë waarbinne modelle geklassifiseer kan word, voorgestel. Hierdie klassifikasiesisteem is volgens Mouton (1996:53) soos volg en word vir die doeleindes van hierdie studie, met uitsondering van die teoretiese model, slegs genoem:

- Fisiese modelle soos modelstrukture;
- Teoretiese modelle;
- Wiskundige modelle;
- Meganiese modelle; en
- Simbolies-interaksionele modelle

'n Teoretiese model vir die doeleindes van hierdie studie, kan beskryf word as die representasie van die grondreëls van maatskaplikewerk privaatpraktyk waarbinne die waargenome feite en verskynsels wat vanuit die teorie toepaslik is, die volle werklikheid op kleiner maar wetenskaplik akkurate skaal verteenwoordig.

Na aanleiding van bogenoemde is die volgende argumente aangevoer vir die toepassing van 'n teoretiese model binne die studie.

'n Teoretiese model vir privaatpraktykbestuur sal waardevol wees in die sin dat dit teoreties gefundeerde kennis praktykgerig sal maak. Dit mag begrip en insig ten opsigte van teorie binne die wêreld van privaatpraktykbestuur bring. Dit word goed omskryf deur Van Rensburg (1998:58)

wanneer genoem word dat 'n model waardevol vir die praktyk sal wees wanneer dit begrip en "verstaan van" duidelik maak. Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat 'n model nie op die individu afgestem is nie, maar die betrokke bemaatig om 'n bepaalde proses of situasie, wat in teorie voorgestel word, toe te pas - in hierdie geval die verpraktisering van teoretiese bestuursbeginsels in privaatpraktyk. Daar kan dus verder tot die gevolgtrekking gekom word dat deur 'n praktykmodel saam te stel, die inhoud nie noodwendig verduidelik word nie, maar 'n roetekaart vir die toepassing van 'n proses of situasie gereflekteer word.

Die tradisionele teoretiese raamwerk in maatskaplike werk, soos wat dit binne opleiding en praktyk geïmplimenteer word, fokus op die professionele hulpverleningsaksie binne praktyk wat nie noodwendig die uitdagings en dinamika van 'n privaatpraktyk akkommodeer nie. Daar moet dus na 'n gekombineerde teoretiese model gekyk word waarbinne werkeffektiwiteit met betrekking tot die hulpverleningstaak in maatskaplike werk asook oorlewing en sakebeginsels met betrekking tot die bestuurswetenskappe gekombineer kan word. Die ontwikkelde model moet dus professionele persoonlikheid en proses integreer en met profesie en praktyk tred hou binne 'n tegnologies veranderende omgewing. Die struktuur en raamwerk van 'n teoretiese verwysingsraamwerk moet dus in hierdie geval meer as een benadering, naamlik maatskaplike werk en Bestuurswese kan akkommodeer.

2.4 Teoretiese modelle in maatskaplike werk

In die bogenoemde bespreking is 'n omvattende bespreking gegee oor die belangrikheid van 'n teoretiese verwysingsraamwerk en dat 'n nuwe teoretiese model sal voortspruit uit 'n bestaande teoretiese verwysingsraamwerk. Dit sal gepas wees om na die mees algemene teoretiese modelle in maatskaplike werk te kyk en te oordeel of hierdie teoretiese modelle wel die maatskaplikewerk-privaatpraktyk tot dusver kon akkommodeer.

2.4.1 Die "Generalist" model

Verskillende teoretiese modelle vorm die denkraamwerk vir maatskaplike werk in Suid-Afrika. Die mees bekende model word deur DiNitto en McNeece (1997:69) asook

Compton en Galaway (1994:21) beskryf as die "*Generalist model*" waar 'n geïntegreerde benadering gevolg word ten einde al die rolle waaraan die maatskaplike werker moet voldoen in sy hulpverleningsaksie, te akkommodeer. Hierdie model is geanker aan die rolteorie. Die maatskaplike werker binne die "*Generalist model*" is die afgelope twee dekades deur verskeie outeurs beskryf, onder meer Kirst-Ashman en Hull (1993); Hoffman en Sallee (1994); Compton en Galaway (1994); O'Neil (1992); Johnson (1986); asook Shaefor, Horesji en Horesji (1991 en 2000). Wat hieruit voortgespruit het, was 'n verpraktisering van hierdie model met vier basiese kenmerke, naamlik:

- Die fundamentele kennisbasis, vaardighede en waardes binne maatskaplike werk wat onderling tussen verskeie kontekste, liggings en probleme gebruik kan word;
- Probleemoplossing vir die individu, die groep, die gemeenskap of organisasie met klem op die interafhanklike verhoudings van probleme, gemeenskappe en perspektiewe in gegewe situasies;
- Probleemanalise en optrede deur middel van multi-vlak perspektiewe; en
- Die implementering van doelgerigte, buigbare metodiek binne probleemoplossing.

Bogenoemde het dus 'n duidelike en tydsrelevante model vir die beoefening van maatskaplike werk gebied. Die beoefening van hierdie model het ten spyte van 'n sterk teoretiese fundering vanuit die Sisteemteorie stelselmatig posgevat en die toepassing op voorgraadse vlak word deur Hudson (2000:215) as "*generally superficial*" beskryf. Bogenoemde skrywer gaan voort deur te noem dat die toepassing van nuwe idees deur maatskaplike werk as traag en stadig beskou kan word, "*... to a growing insularity in social work and a reluctance to incorporate recent developments in allied fields*".

Hierdie model, geskoei op hulpverlening, bied 'n werkwyse ten einde die doelstelling en taak van die maatskaplike werker te bereik, naamlik hulpverlening, krisisingryping of probleemoplossing.

Wat egter binne hierdie benaderings ontbreek, is 'n komponent wat die dinamika van maatskaplike-werkprivaatpraktyk akkommodeer en waarbinne die privaatpraktisyn sy doelstelling kan bereik.

Gebreke in die hantering van verandering, die omgewing, persoonlikheid en markte moet ook binne 'n hulpverleningsmodel aangespreek word.

2.4.2 **Praktykmodel geskoei op bemagtiging**

'n Fokus op praktykgerigte modelle met klem op bemagtiging het gedurende die vroeë negentigerjare ontwikkel. Hierdie modelle spreek tot 'n groot mate die omgewing, persoonlikheid en persoonlike bemagtiging aan - aspekte wat in vroeëre modelle ontbreek. Drie sodanige modelle deur Cox (1994); Gutiérrez (1990) en Lee (1994) skenk aandag aan hierdie ontbrekende komponente in vroeër modelle.

Alhoewel praktykmodelle gerig op bemagtiging ontwikkel is vanuit verskillende perspektiewe en teoretiese verwysingsraamwerke, is sommige beginsels binne hierdie modelle universeel van toepassing. In kort spreek hierdie modelle struikelblokke en versperrings binne maatskaplike werk op drie vlakke aan naamlik: a) **persoonlik** - wat gevoelens, houding, persepsies en geloof in die moontlikheid van die individue insluit; (b) **interpersoonlik** - wat ervaring met ander en die fasilitering van hierdie ervarings insluit; en (c) **sosio-politiese deelname** wat gedrag insluit teenoor die gemeenskap wat individuele en groeps pogings tot hulpverlening kortwiek. Verder word die modelle gekenmerk deur die volgende vier belangrike aspekte soos genoem deur Allen-Mears en Garvin (2000:121):

- 'n Verbintenis om te fokus op aspekte binne praktyk waar die meer onderdrukte kliëntekorps hul bevind.
- Hierdie modelle koester die idee dat aspekte van persoonlike of groepsbelang binne die konteks van die persoonlike en politieke milieu waarbinne dit geskied, geakkommodeer moet word. Volgens Lee in Allen-Mears en Garvin (2000:121) beteken dit dat daar ook 'n kritiese ontleding sal plaasvind ten opsigte van houding en oortuiging van die betrokke individu. Dit mag ook volgens Gutiérrez (1990) nodig wees om die belewenis van die werklikheid te reconstrueer en binne konteks van die situasie, tyd, ruimte en dimensie te plaas.
- Klem word verskuif na 'n multisistemiese benadering waar die individu, die familie, kleingroep, gemeenskap, organisasie en sosiaal/ekonomie/politieke vlak geïntegreer sal word binne alledaagse aktiwiteite.

- Die maatskaplikewerker-kliënt verhouding moet as 'n gelyke verhouding gesien word met 'n fokuspunt op die vennootskapskomponent tussen albei partye.

Die teoretiese fundering van bogenoemde modelle kan gevind word uit 'n veelheid van sosiaal/ sielkundige bydraes in die teorie. So verklaar Allen-Mears en Garvin (2000:115): "*Empowerment practice models have found support from a variety of economic, social, and psychological theories.*" Makroteorieë wat aanleiding gegee het tot hierdie modelle sluit weereens onder andere die Sisteemteorie in. Die Sisteemteorie het deur hierdie model maatskaplike werk laat fokus op die belangrikheid van die groter omgewing. Hier benadruk Payne (1997b:112) hierdie aspek en noem dat die Sisteemteorie die basis bied vir die praktykgerigte model om te fokus op die implementering van probleemassessering en intervensie.

Vanuit bogenoemde bespreking kan die afleiding dus gemaak word dat dit belangrik is om vanuit 'n maatskaplikewerkperspektief 'n teoretiese verwysingsraamwerk te gebruik wat aan die volgende maatstawwe gemeet moet kan word:

- Dit moet bekend wees binne die grense van maatskaplike werk.
- Dit moet 'n verklaring van alle aspekte van maatskaplike werk kan gee indien dit gevra word.
- Dit moet ruimte vir 'n nuwe model met nuwe konsepte, beginsels, prosesse en elemente kan bied wat tradisioneel nie binne die maatskaplikewerkhulpverleningsaksie tuishoort nie. So 'n model moet dus binne sistemiese denke oor oop grense beskik ten einde die ruimte te bied vir nuwe konsepte, beginsels, prosesse en elemente.

'n Oop model-benadering blyk dus essensieel te wees binne die konteks van modelontwikkeling.

2.5 'n Oop model-benadering binne die konteks van modelontwikkeling

Volgens Nadler (1982:6) is daar verskeie metodes waarvolgens modelle ontwikkel kan word. Hier word egter slegs gefokus op twee modelle, naamlik oop en geslote modelle. Hierdie konsepte moet egter nie verwar word met oop en geslote sisteme binne die Sisteemteorie nie, maar fokus op die metodiek binne modelontwikkeling.

Die oop model word beskryf as 'n model wat faktore buite die eenheid van studie in verband bring met die studie. Daar word dus erkenning gegee aan buitefaktore wat bestaan en wat wel 'n invloed op die ontwikkelingsproses sal hê. Binne modelontwikkeling is dit dus noodsaaklik vir die navorser om erkenning te gee aan eksterne faktore en die invloed wat dit op die model mag hê. Die oop modelbenadering word deur Nadler (1982:6) as 'n "werkende hipotese" gesien. Dit voorsien die navorser van moontlike uitkomst, antisipeer ook hierdie uitkomst en verskaf 'n plan of bloudruk oor hoe te werk gegaan behoort te word om hierdie uitkomst te bereik. Die outeur beskryf verder die oop model-benadering as beskrywend aangesien dit poog om die proses te beskryf wat die model sal volg indien dit wel geïmplimenteer word.

Die fokus van 'n oop model-benadering is eerder op die proses as die uitkoms. Geen gewaarborgde uitkoms kan binne 'n oop model verseker word nie, maar die wetenskaplikheid van die proses kan wel gemonitor word. In teenstelling met die geslote model kan die oop model as 'n verbale model beskou word. Die geslote model is 'n analities-wiskundige model waar alle insette noukeurig geïdentifiseer kan word, en alle moontlike veranderlikes geïdentifiseer kan word. Hierdie insette en veranderlikes kan in geheel binne die model geakkommodeer word.

Wanneer die navorser besluit om wel van 'n geslote model gebruik te maak, sal die navorser verseker wees dat alle gevolgtrekkings en uitkomst binne die model reeds vooraf bepaal kan word. Hierdie model word deur Nadler (1982:7) as 'n liniêre model beskryf wat binne meganiese ingenieursprofessies 'n groot rol speel. Die afleiding word deur dieselfde skrywer gemaak dat oop modelle met groter sukses binne die bestudering van die mens as fenomeen gebruik kan word en daarom ook in hierdie studie meer toepaslik sal wees. Tabel 2.1 gee 'n kort opsomming van en vergelyking tussen die twee modelle.

Tabel 2.1: Vergelyking tussen oop en geslote modelle

OOP MODELLE	GESLOTE MODELLE
Buitefaktore bestaan wat nie in die ontwikkelingsproses van die model geantisipeer kan word nie.	Alle faktore kan geïdentifiseer en ingesluit word binne die model.
Kan as 'n werkende hipotese beskou word.	Uitkomstes word vooraf bepaal met 'n duidelik geformuleerde "uiteinde".
Is beskrywend van aard.	Voorskrywend van aard met spesifieke stappe en vlakke van implementering.
Konsepte word verbaal oorgedra.	Kan metodies en wiskundig verduidelik word.

Bron: Nadler (1982:7)

Indien daar na 'n spesifieke teoretiese verwysingsraamwerk gekyk word, is dit duidelik dat daar binne hierdie studie verskillende tussenkomende veranderlikes (konsepte, beginsels, prosesse en elemente) is wat wel 'n invloed uitoefen op 'n model vir privaatpraktykbestuur. Die keuse van 'n oop model vanweë die genoemde aspekte sal dus voor die hand liggend wees.

Vanuit bogenoemde bespreking is die keuse van 'n model en die proses van modelontwikkeling dus nou duidelik. Wat egter verdere verklaring nodig het, is die basiese teoretiese verwysingsraamwerk vir hierdie studie. Daar is reeds vroeër genoem dat 'n teoretiese verwysingsraamwerk bepaalde kenmerke moet hê om wel toepaslik te wees. In DiNitto en McNeece (1997:50) word kriteria deur Reykman gestel waaraan 'n teoretiese verwysingsraamwerk ook gemeet kan word. Hierdie kriteria saam met die toepaslike kriteria vir hierdie studie, soos reeds genoem, word in Tabel 2.2 aan die Sisteemteorie gemeet. Hierdeur kan bepaal word of die Sisteemteorie aan die kriteria vir die gebruik as teoretiese verwysingsraamwerk in hierdie studie kan dien:

Tabel 2.2: Evaluering van die toepaslikheid van die Sisteemteorie aan die hand van bepaalde kriteria

KRITERIA	TOEPASLIKHEID VAN SISTEEMTEORIE
Bekendheid binne die grense van maatskaplike werk.	Die Sisteemteorie en die toepassing binne maatskaplike werk is reeds in 1956 deur Werner Lutz omskryf. In 1968 deur Hearn en in 1969 deur Greer beskryf.
Volledigheid: 'n Verklaring van alle aspekte van maatskaplike werk sal gegee moet kan word, indien dit gevra word.	Die Sisteemteorie kan rekenskap gee van 'n diversiteit van gebeure, aspekte en konsepte en kan verklarings aan die praktisyen bied wat as rigtinggewend beskou kan word (Skyttner, 2001).
<ul style="list-style-type: none"> • Ruimte vir 'n nuwe model met nuwe konsepte, beginsels, prosesse en elemente wat tradisioneel nie binne die maatskaplike werkhulpverleningsaksie tuis hoort nie. So 'n model moet dus oor 'n denkraamwerk beskik waar oop grense bestaan ten einde die ruimte te bied vir nuwe konsepte, beginsels, prosesse en elemente. 	Die Sisteemteorie is nie alleen toepaslik binne Maatskaplike werk nie, maar word binne alle dissiplines en professies toegepas. Die Sisteemteorie dra die titel metateorie wat beteken dat die reikwydte en spanwydte verder strek as die parameters van een enkele dissipline. 'n Metateorie is verder ook 'n teorie oor 'n teorie (Skyttner, 2001).
<ul style="list-style-type: none"> • Volledigheidskriteria 	Alhoewel die Sisteemteorie noukeurig in die opskryf van veranderlikes is, is daar nie ruimte vir betekenislose inligting en irrelevante verbande nie (Chetkow-Yanoov, 1992).
Noukeurigheid en toetsbaarheidskriteria	Ten einde noukeurig en toetsbaar te wees moet alle konsepte binne 'n teorie reeds gedefinieer wees. Binne die Sisteemteorie is konsepte duidelik, rasioneel en verbande kan bepaal word. Die sisteemteorie hanteer elke veranderlike konsekwent en bied logiese verklarings vir gebeure (Allen-Mears & Garvin, 2000).
<ul style="list-style-type: none"> • Ekonomies en effektiwiteitskriteria 	Die Sisteemteorie gebruik kernbegrippe wat logies en verklarend is. Geen onnodige verklarings belemmer die effektiwiteit van die verduidelikings nie (Skyttner, 2001).
<ul style="list-style-type: none"> • Empiriese geldigheidskriteria 	Die vasstelling van die geldigheid van teorie binne maatskaplike werk is altyd moeilik. Elke teorie is dus "in proses". Die geldigheid van die beginsels van die Sisteemteorie en die toepassing daarvan is reeds meer as een maal toegepas en as geldig bewys (DiNitto & McNeece, 1997).
<ul style="list-style-type: none"> • Onderzoekende waarde as kriteria 	Die aanpassing en ontwikkeling van die Sisteemteorie

	met vooruitgang in gedagte, kan hierdie kriteria bevestig. Voorbeelde is die toepassing van die beginsels van die Sisteemteorie binne nuwe vraagstukke in die gemeenskap (Gray, 1998).
<ul style="list-style-type: none"> • Toegepaste waarde as kriteria 	Hierdie aspek hou verband met bogenoemde kriteria. Voorbeelde van die toepassingswaarde van die Sisteemteorie binne nuwe vraagstukke soos bekend binne die chaosteorie of "toegepaste Sisteemteorie" of die ekosistemiese benadering, soos geskoei op die beginsels van die Sisteemteorie, is voorbeelde hiervan (Gray, 1998).

2.6 Die Sisteemteorie as teoretiese verwysingsraamwerk vir hierdie studie

Soos reeds genoem is dit belangrik dat 'n voorgestelde model binne 'n teoretiese verwysingsraamwerk sal pas wat binne die grense van maatskaplike werk aanvaarbaar is. Vanuit bogenoemde bespreking sou die Sisteemteorie aan hierdie kriteria voldoen en sal aan sowel die vereistes van maatskaplike werk as konsepte, beginsels, prosesse en elemente wat nodig blyk te wees in 'n model vir privaatpraktykbestuur voldoen. Die toepaslikheid van die Sisteemteorie word gevind in die feit dat die toepassing van die teorie binne die parameters van die studie sal pas. Skyttner (2001:43) ondersteun hierdie stelling wanneer hy noem dat die Sisteemteorie 'n "... *skeleton of science (is) in the sense that it aims to provide a framework or structure of systems on which to hang the flesh and blood of particular disciplines and particular subject matters in an orderly and coherent corpus of knowledge*".

Wat verder deur Skyttner (2001:44) bygevoeg word, is die feit dat hierdie teorie 'n gemeenskaplike basis vir terminologie en konsepte bied wat binne alle areas in wetenskap van toepassing gemaak kan word. Dit blyk dus 'n ideale struktuur te wees waarbinne 'n privaatpraktykmodel vir maatskaplike werk ontwikkel kan word, aangesien kennis vanuit verskillende wetenskappe en dissiplines geïntegreer gaan word.

In die volgende paragrawe volg 'n uiteensetting van die belangrikste komponente binne die Sisteemteorie. Die toepaslikheid daarvan binne 'n model vir privaatpraktykbestuur sal deurgaans aangetoon word.

2.6.1 Komponente van belang binne die Sisteemteorie

Binne die algemene Sisteemteorie staan **orde en struktuur** as basiese beginsel uit. Die soeke na struktuur word deur Skyttner (2001:47) omskryf as een van die sentrale behoeftes van enige individu. Hy noem dit "... *an expression of man's general need for imaging his world as an ordered cosmos within an unordered chaos*".

'n Verdere fundamentele beginsel is dat **tasbare probleme binne die leefwêreld van die mens** binne die wetenskap aangespreek kan word. Ongelukkig gebeur dit dat tradisionele wetenskap dikwels nie oor hierdie vermoë beskik nie en dat daar 'n verwydering tussen teorie en praktyk ontstaan. Hierteenoor staan die Sisteemteorie met 'n konkrete basis gesetel binne tasbare wetenskap wat verpraktiseer kan word in tasbare konkrete strukture.

Reeds in 1955 het Ludwig von Bertalanffy die Sisteemteorie beskryf. Hierdie Sisteemteorie het kenmerkende grondbeginsels besit wat universeel, binne meer as een dissipline en profesie van toepassing was en steeds binne 'n nuwe orde, met nuwe uitdagings toepaslik is.

2.6.1.1 Grondbeginsels

Die grondbeginsels waarop die Sisteemteorie gebaseer is, word slegs kortliks vir die doeleindes van hierdie studie genoem.

- Daar bestaan 'n **onderlinge verhouding en afhanklikheid** tussen dele in 'n sisteem. "*Unrelated and independent elements can never constitute a system*", beweer Skyttner (2001:49).
- 'n **Holistiese benadering** - wat impliseer dat die geheel (sisteem) meer is as die dele (omgewing), is van toepassing binne die Sisteemteorie. Dit wil sê die totale sisteem bestaan uit sowel die organisme as die omgewing (Skyttner, 2001:49) en "*a social system is a model of a*

social organization that possesses a distinct total unity beyond its component parts" (Chetkow-Yanoov, 1992:5).

- Die bereiking van **homeostase** wat konstante interaksie met die omgewing impliseer, is belangrik binne die toepassing van die Sisteemteorie (Chetkow-Yanoov, 1992:38).
- 'n **Proses van transformasie** is teenwoordig. Transformasie impliseer ook verandering. Binne sistemiese terminologie sal verandering binne die sisteem deurset bewerkstellig. Indien 'n einddoel (uitset) bereik wil word moet die dele deur 'n proses van insette na uitsette beweeg. Hierdie proses is hoofsaaklik siklies van aard en terugvoer is noodsaaklik om homeostase te bewerkstellig. Indien terugvoer nie geskied nie kan die sisteem in 'n geslote sisteem verander wat in 'n staat van ewewilibrum verval.
- **Insette en uitsette** is binne 'n oop sisteem as 'n deurlopende proses waarneembaar. Insette word vanuit die omgewing binne die sisteem opgeneem.
- **Entropie** verwys na die hoeveelheid ongeordendheid of geordendheid wat binne enige sisteem teenwoordig is. "*All non-living systems tend towards disorder; left alone they will eventually lose all motion and degenerate into an inert mass*" (Skyttner, 2001:49).
- **Regulering binne 'n sisteem** is belangrik ten einde die doel te bereik. Hierdie regulering verwys ook na terugvoer waar gesonde oop sisteme die terugvoer gebruik om intern aanpassings te maak. "*Social workers depend on the sensitive use of feedback for successful diagnosis as well as intervention*" (Chetkow-Yanoov, 1992:27).
- Daar is sprake van 'n **hiërargiese verhouding** binne enige sisteem met duidelik gedefinieerde grense. Hier noem Chetkow-Yanoov (1992:20) dit soos volg: "*Creating boundaries is a way to define a system*".
- **Differensiasie**: Binne komplekse sisteme word die verdeling van take en rolle gedoen ten einde 'n gefokusde einddoel in sig te hê.
- 'n Belangrike element wat deur Smit en Cronje (1997:48) uitgelig word, is dat die toepassing van die Sisteemteorie binne organisasies (privaatpraktyk vir die doeleindes van hierdie studie) geskied binne 'n raamwerk van interafhanklike dele met een enkele sentrale doel. Dit kom dus daarop neer dat die aksie van een deel 'n invloed het op al die ander dele. Om hierdie rede kan die privaatpraktisyn nie een van die dele onafhanklik hanteer nie, maar moet die praktyk as geheel funksioneer.

2.6.1.2 Oorlewing binne die supra-sisteem

Die beoefening van maatskaplike werk binne die grense van die Sisteemteorie verwys nie na gedragspatrone van individue nie, maar beskou die funksionering van die individu as "sisteem" en hoe hierdie sisteem die omgewing akkommodeer. Privaatpraktyk binne maatskaplike werk as oop sisteem is tot dusver gesien as 'n sisteem wat inligting, energie en kennis met sy omgewing uitruil. Wat egter van belang is, is dat hierdie deurlopende interaksie met die omgewing 'n staat van dinamiese homeostase moet handhaaf. Hierdie balans impliseer 'n deurlopende deurvloei van inligting met insette en deursette.

Hierdie kenmerk van 'n gesonde sisteem word deur Kast en Rosenzweig (1985:113) en Chetkow-Yanoov (1992:37) beskryf as 'n oorlewingsproses binne die supra-sisteem waar die supra-sisteem die totaliteit van die model impliseer. "*Open systems create new functions or internal structures as a part of their potential for self-transformation, self-healing, self-renewal, or internally stimulated evolution*" (Chetkow-Yanoov, 1992:38).

Verder noem Gibson, Ivancevich en Donnelly (1997:21) dat die oorlewing van die organisasie of sisteem dus afhang van sy vermoë om die eise van die omgewing te absorbeer en binne die operasionele subsisteem te verwerk en tot voordeel van die sisteem aan te wend.

2.6.1.3 Oop sisteme is soms ook geslote

Teoreties gesproke is alle sisteme oop en geslote, afhangende vanuit watter verwysingsraamwerk die navorser na die model sal kyk. Dit is ook belangrik om te noem dat alle sisteme met tye - ook ter wille van oorlewing - geslote moet wees. Hierdie aspek noem Kast en Rosenzweig (1985:113) die sisteemgrense wat impak reguleer. Privaatpraktyk kan dus ook ter wille van oorlewing selektiewe insette toelaat en selektiewe uitsette deurstuur.

Hierdie aspek word deur Chetkow-Yanoov (1992:24) as gedeeltelik-oop sisteme beskryf of deur Skyttner (2001) as relatief oop sisteme. Ter ondersteuning van hierdie aspek merk Kast en Rosenzweig (1985:129 en 132) die volgende op: "*Every organization is a subsystem of an*

environment that provides resource inputs and utilizes the organization's outputs ... The organization is an open system that exchanges information, energy, and materials with its environment." Die organisasie wat ook privaatrektyk impliseer, is dus afhanklik vir oorlewing vanuit die omgewing.

2.6.1.4 Grense binne sisteme


Ten einde die grense te bepaal vir 'n model vir privaatrektykbestuur moet duidelik onderskei word tussen oop en geslote sisteme en die grense van elk. Relatiewe geslote sisteme word deur Skyttner (2001) as rigied en ontoeganklik beskou terwyl die oop sisteem deurlaatbare grense tussen praktyk en omgewing het. Dit is egter vir die tyd en dimensie waarbinne die model toepaslik is belangrik om ook die minder opsigtelike grense soos psigo-sosiale grense in hierdie oop sisteem te omskryf. Hier word 'n oplossing deur Kast en Rosenzweig (1985:133) voorgestel as hulle sê dat grense gedefinieer kan word in terme van aktiwiteite of prosesse. Aktiwiteite binne praktyk dui dus grense aan. Die aktiwiteite wat dus binne 'n privaatrektyk deur praktisyne neergelê word binne die grense van sy professie - maatskaplike werk - sal die grense van die privaatrektyk stipuleer. Die openheid van 'n sisteem verdoesal dikwels volgens Allen-Mears en Garvin (2000:76) die grense van 'n sisteem. Dit is daarom belangrik om die doelwit van die aktiwiteite te stipuleer ten einde die grens wat moeilik bepaalbaar is, te identifiseer.

Die graad van deurlaatbaarheid word ook binne praktyk deur die omgewing se verhouding tot die sisteem bepaal. Hier kan verwys word na 'n filtersisteem wat die oorlewing van praktyk verseker. Dit word deur Kast en Rosenzweig (1985:133) soos volg omskryf: "... *boundaries screen the inputs and outputs. In this sense, the boundaries are barriers to the flow of energy, material, and information.*" Hierdie kan as belangrike funksies van grense beskou word aangesien geen praktyk alle insette kan akkommodeer, sonder om skade te lei nie. Die grense het verder die taak om insette te homogeniseer. 'n Toepaslike voorbeeld sal wees waar die privaatrektyk besluit dat aanmeldings deur 'n ontvangsdame hanteer sal word, of dat aanmeldings wat telefonies gedoen word, opgevolg sal word deur 'n opgeleide persoon om tyd- en kostebesparend te wees. Soos wat grense die insette filter, word uitsette ook deur grense gemonitor. Die privaatrektyk kan nie 'n onbepaalde hoeveelheid en verskeidenheid van deursette of dienste lewer nie weens

tyd, koste of mensekrag, en moet dus beperkings plaas op sy aktiwiteite binne die privaatpraktik. Indien hy hierdie beperkings op sy insette plaas, mag dit beter balans of homeostase en deurlopendheid binne die sisteem verseker.

Daar is binne enige sisteem drie afsonderlike regulerende funksies wat verantwoordelik is vir homeostase tussen insette en uitsette. Hierdie regulerende funksies kan ook as subsisteme geklassifiseer word aangesien dit verwys na sisteme binne die groot sisteem. In hierdie verband noem Smit en Cronje (1997:63) dat subsisteme interafhanklik vir hul oorlewing is, maar ook outonoom binne die groter sisteem kan funksioneer. Hierdie funksies of subsisteme word binne die Sisteemteorie deur Kast en Rosenzweig (1985:134) soos volg uiteengesit en aan die hand van Figuur 2.1 verduidelik:

- Die operasionele subsisteem (C)
- Die strategiese subsisteem (A)
- Die koördinerende subsisteem (B)



Figuur 2.1: Die subsisteme vir die handhawing van homeostase in die groter sisteem

Die werking van bogenoemde drie primêre subsisteme kan kortliks soos volg uiteengesit word:

- **Operasionele subsisteem (C)**

Hierdie subsisteem binne die totale sisteem is verantwoordelik vir die besluitnemingsproses. Ander subsisteme voer die operasionele subsisteem met inligting waarna die operasionele subsisteem die keuse uitoefen om dit te implementeer of nie.

Binne praktyk sou dit die subsisteem wees waar onsekerhede opgeklar word en besluite ten opsigte van ekonomiese bestuur, die tegnologiese bestuur en meting van effektiwiteit geneem word. Hierdie subsisteem sou ook die insette aktief verminder waarop die praktyk moet reageer en sodoende die homeostase binne die sisteem verseker.

- **Strategiese subsisteem (A)**

Die strategiese subsisteem kan beskryf word as die beplanningsarm van die sisteem. Hierdie komponent is volgens Smit en Cronje (1997:118) gefokus op die totale sisteem se funksionering, die rekonsiliasie van die sisteem se bronne en die evaluering van die geleenthede en bedreigings binne die eksterne omgewing. Hierdie subsisteem is die buffer binne praktyk wat alle onsekerhede absorbeer en ook insette na die omgewing moet reguleer. Hierdie insette is gewoonlik hoogs onkontroleerbaar en hang tot 'n groot mate van reaksie vanuit die omgewing af. Die strategiese subsisteem moet dus hoofsaaklik oop funksioneer en onsekerhede akkommodeer.

- **Koördineringssubsisteem (B)**

Sodra die subsisteme binne die sisteem geïdentifiseer is, word die koördineringssubsisteem ruimte gebied om die onderlinge subsisteme te "olie". Smit en Cronje (1997:253) verklaar die koördineringssubsisteem soos volg: *"It means the integration of objections and tasks at all levels and of all departments and functions to enable the organisation to work as a whole."*

Indien 'n sisteem in gebreke bly om aandag aan die koördineringssubsisteem te skenk, mag dit volgens Smit en Cronje (1997:253) aanleiding gee tot 'n verlies aan produktiewe tyd wat weer tot frustrasie aanleiding kan gee.

Hierdie subsisteem anker die strategiese subsisteem met die operasionele subsisteem. Verder skakel hierdie subsisteem die onsekere strategiese subsisteem om ten einde in 'n werkbare, ekonomies-tegnologiese eenheid te funksioneer.

Alhoewel bogenoemde subsisteme binne afgebakende grense funksioneer en tot 'n groot mate outonomieit aan elke funksie verskaf, verseker dit onafhanklike funksionering van die sisteem as geheel. Hierdie aspek word ook deur Kast en Rosenzweig (1985:135) ondersteun waar hulle noem dat outonomieit en onafhanklikheid slegs bewerkstellig kan word met die effektiewe regulering van grense.

Die instandhouding van grense impliseer ook die daarstelling van oorbruggingskomponente binne grense. Hierdie oorbruggingskomponente verwys na maatreëls wat in plek geplaas word om grense binne die sisteem met sukses oor te steek. Dit is noodsaaklik om binne praktyk die nodige kennis te besit oor hoe om effektief kontak te maak met die omgewing en sodoende grense suksesvol oor te steek.

2.6.1.5 Oorbruggingskomponente binne die grense van die sisteem

'n Sisteem bevind hom binne 'n dinamiese en heterogene omgewing waar funksionele optrede ontwikkel moet word ten einde uitsette suksesvol af te handel. Kast en Rosenzweig (1985:135) verduidelik verder dat hierdie sogenaamde funksionele optrede binne die sisteem beteken dat effektiewe en gedifferensieerde interne struktuurering binne die sisteem nodig sou wees.


'n Oorbruggingskomponent sal dus 'n meganisme of optrede wees wat voorafgestelde grense vinnig en effektief kan oorsteek ten einde die sisteem se deursette te beveilig. 'n Voorbeeld sal onder meer wees waar 'n privaatpraktisyn binne sy praktyk sal reageer op 'n skielike toetrede van afgestudeerde maatskaplike werkers deur 'n nuwe diens vir byvoorbeeld assessering te bemark ten einde hierdie nuwe kompetisie aan te spreek. Hierdie optrede moet egter funksioneel en effektief wees.

Hierdie oorbruggingskomponente is dikwels baie sentrêrend en stresbelaa. Oorbruggingskomponente sal egter in 'n groot organisasie nie noodwendig soveel stres op die individuele werker plaas nie, aangesien besluitneming aan 'n bestuurskomponent of meer as een persoon toevertrou word. In 'n privaatpraktyk sal alle rolle en invloede vanuit die omgewing slegs deur een persoon vertolk of hanteer moet word, wat beteken dat die totale funksionering en besluitnemingsprosesse in die praktyk afhang van die een privaatpraktisyn.

Oorbruggingskomponente kan in privaatpraktyk terminologie verwys na strategiese beplanning met betrekking tot marksegmentasie, kompeterende intelligensie, effektiewe bemerking of 'n ontwikkeling van die kompeterende voordeel.

2.6.1.6 Die Eksterne Omgewing

Soos reeds vroeër genoem is die wisselwerking tussen die eksterne omgewing en die sisteem een van die basiese uitgangspunte van die Sisteemteorie. Dit is ook die invloed wat die eksterne omgewing op die sisteem het, wat die fokus vir verskeie sisteemteoretici is. (Vergelyk Smit & Cronje, 1997; Gibson, Ivancevich & Donnelly, 1997.) Binne die Sisteemteorie word die omgewing in die breë sin beskryf as enige eksterne veranderlike wat inwerk op die sisteem (praktyk) se grense. Dit is egter volgens verskeie skrywers belangrik dat daar 'n onderskeid getref moet word tussen die algemene omgewing of gemeenskap wat die praktyk binne 'n gegewe omgewing beïnvloed teenoor die taak of spesifieke omgewing wat die praktyk meer direk binne sy werksdoelwitte beïnvloed. (Vergelyk Adams in Dunnette & Hough, 1994:1178; Hall 1982:297.) Dit is nodig om omgewingsveranderlikes wat mag inwerk op die privaatpraktyk as sisteem te identifiseer. Hierdie identifikasieproses sal weer in praktyk help met die effektiewe funksionering van die subsisteme. Figuur 2.2 illustreer die onderlinge wisselwerking tussen die makro-omgewing, markomgewing en mikro-omgewing.



Figuur 2.2 Die interafhanklike invloed tussen sisteme

Die volgende verduideliking stel figuur 2.2 in konteks:

➤ **Die Mikro-omgewing**

Hierdie komponent word deur Smit en Cronje (1997:66) beskryf as die sisteem (privaatpraktyk) self waar die grootste hoeveelheid beheer bestaan. Veranderlikes sluit onder meer in die missie, visie en doelstellings van die praktyk. Die waardebasis van die sisteem is ook binne hierdie omgewing gesetel. Die mikro-omgewing word beïnvloed deur die markomgewing, maar beïnvloed weer op sigself die markomgewing.

➤ **Die markomgewing**

Die markomgewing bestaan uit die verbruiker van die diens wat deur die sisteem (privaatpraktyk) gelewer word, die kompetisie vanuit die eksterne omgewing, en die geleenthede en bedreigings vir

die sisteem. Smit en Cronje (1997:66) is dit eens dat die beheer vanuit die sisteem na hierdie omgewing moeilik is. Die primêre taak van die sisteem binne die markomgewing sal die identifisering van faktore wees wat 'n direkte invloed op die mikro-omgewing sal hê.

➤ **Die makro-omgewing**

Die makro-omgewing kan beskryf word as die eksterne omgewingsfaktore buite die sisteem. Hierdie faktore het 'n duidelike invloed op die sisteem (mikro en mark) en verseker die deurvloei binne die sisteem. Die makro-omgewing bestaan volgens Smit en Cronje (1997:66) uit ses subsisteme, naamlik die tegnologiese omgewing, die ekonomiese omgewing, die sosiale omgewing, die institusionele omgewing, die internasionale omgewing en die ekologiese omgewing. Hierdie aspekte omsluit alle veranderlikes waaroor die sisteem dikwels geen beheer kan uitoefen nie. Die wisselwerking tussen hierdie veranderlikes en die sisteem vorm een van die belangrikste uitgangspunte van die Sisteemteorie, naamlik die handhawing van homeostase. Elke sisteem het dus onderling 'n invloed op mekaar waarvan die makro-omgewing die minste deur die mikro-omgewing beïnvloed word en die mikro-omgewing die meeste deur die mark-omgewing beïnvloed word. Die mark-omgewing word deur beide die makro- en mikro-omgewing beïnvloed en verseker dus konstante deurvloei in die sisteem.

Daar is 'n aanduiding dat die totale omgewing meer dinamies en kompleks raak. Die veranderde kompleksiteit word deur Smit en Cronje (1997:87) ondersteun as hul noem: "*The extent of change refers to the degree of stability or instability of the environment, while the complexity of the environment depends on the number of variables in the environment*". Hierdie kompleksiteit het uiteraard 'n direkte invloed op die sisteem. Hudson (2000:215) verwys na die "*edge of chaos*". Vanuit hierdie raamwerk is 'n nuwe benadering binne algemene sisteemdenke ontwikkel, naamlik die sogenaamde "chaosteorie". Hierdie aspek word met groot omsigtigheid reeds in 1971 in Toffler se bekende werk "Future Shock" bespreek (1971:11) waar hy melding maak dat daar 'n toename in turbulensie in die omgewing plaasvind wat "chaos" impliseer. Hierdie turbulensie, soos die outeur dit noem, maak die omgewing onstabiel wat beplanning en strategie baie moeilik maak vir enige werksomgewing. Die implikasie sou wees dat praktyk 'n "adaptiewe-responsiewe" sisteem moet implimenteer wat insette met sukses binne die transformasieproses na uitsette kan

akkommodeer. Hudson (2000:215) ondersteun hierdie standpunt en noem dat die ontwikkeling van nie-liniêre terugvoer binne die sisteem die proses van homeostase feitlik onmoontlik maak.

➤ **Omgewingsobservasie**

'n Pro-aktiewe optrede vir omgewingsobservasie word van die praktisyn gevra. Hierdie aspek word deur Kast en Rosenzweig (1992:147) as "*environmental scanning*" aangegee. Die praktisyn sal die omgewing ondersoekend waarneem en enige veranderings met die nodige omsigtigheid beoordeel. 'n Voorbeeld hier sou die impak van tegnologie op die omgewing wees. In maatskaplike werk sal 'n sosiale ramp in die omgewing lank voor dit plaasvind reeds deur die wakker praktisyn geantisipeer word en sy praktyk daarvoor gerat gehou word. Hierdie waarnemingsproses word deur Toffler (1981) "*the third Wave*" genoem en soos volg bespreek: "*So profoundly revolutionary is this new civilization that it challenges all our old assumptions. Old ways of thinking, old formulas, dogmas and ideologies, no matter how cherished or how useful in the past, no longer fit the facts.*"

Daar bestaan reeds 'n groeiende bewustheid in die besigheidsmilieu om sosiale neiging fyn dop te hou en besigheid dienooreenkomstig te skik. Die privaatpraktisyn sou binne praktyk dieselfde beginsel kon implimenteer ten einde die proses van omgewingsobservasie sinvol te gebruik. 'n Sinvolle wenk wat Kast en Rosenzweig (1992:149) aan die praktisyn oorlaat, is om op sosiale indikatore te reageer. Om op sosiale indikatore te reageer is byvoorbeeld om die werkloosheidsyfers en voorkoms van verkragting aan te spreek.

2.7 Evaluering van die toepaslikheid van die sisteemteorie binne maatskaplike werk

maatskaplike werkers is reeds die afgelope drie dekades aangetrek deur die gedagte van die "totale situasie" van hul kliënte. Hierdie "totale situasie" kan omskryf word as die "droom" waar alle interafhanklike komponente van die individu sinvol deur hulpverlening aangespreek kan word. Hierdie idee van totaliteit is reeds in 1937 deur Ada Sheffield (Von Bertalanffy, 1974:1098) geformuleer. Deur aan hierdie idee gestalte te gee, is die Sisteemteorie soos deur Ludwig von

Bertalanffy uiteengesit, van toepassing gemaak binne maatskaplike werk. Von Bertalanffy (1974:1100) het die sisteem as “*a complex of components in mutual interaction*” omskryf.

Die volgende komponente van die sisteemteorie is in die besonder relevant en toepaslik binne die konteks van maatskaplike werk.

2.7.1 Bydraes deur verskillende perspektiewe en beroepsvelde

Die Sisteemteorie word gekenmerk deur 'n geïntegreerde perspektief waar verskillende velde, soos die sosiale teorieë vanuit die 19de eeu, die menslike ekologiese modelle, Inligtingsteorie en kibernetika soos deur Leighninger (1977) en Siporin (1980) saamgevoeg en omskryf word. Die populariteit van die Sisteemteorie in maatskaplike werk is verder deur bydraes uit gesinsosiologie, gemeenskapsontwikkeling en gesondheidsorg versterk.

2.7.2 Ontwikkeling en verandering binne die Sisteemteorie

Veranderings binne die Sisteemteorie, waar die klem val op die individu se vermoë om te onderhandel en veranderings aan die sosiale omgewing te maak, het in die tagtigerjare ontstaan (Germain & Siporin, 1987). Hierdie ontwikkeling en verandering binne die Sisteemteorie word egter deur Hudson (2000:215) vergelyk met “sosiale Darwinisme”, waar hy noem dat, solank die bron van verandering as ekstern tot die individu gesien word, die beginsels van “*survival of the fittest*” geld.

Daar kan egter vanuit die literatuur tot die gevolgtrekking gekom word dat die Sisteemteorie ontwikkel en verander het sedert dit die eerste maal in maatskaplike werk geïmplimenteer is. Die voordeel hiervan word deur De Hoyos en Jensen (1995) uitgespel wanneer daar genoem word dat die Sisteemteorie die maatskaplikewerkprofessie 'n meta-teorie gegee het waarbinne alternatiewe tot die mediese wetenskapsmodel ontwikkel is. Die mediese model is uitgebrei na die kliënt se sosiale funksionering en sosiale omgewing. Die teorie het ook bygedra tot die denkskool waar herstel binne die disfunsionele individu of gemeenskap aangespreek word en nie veel klem gelê word op voortdurende verandering en groei binne die individu of gemeenskap nie.

2.7.3 Ekwilibrum in die sisteem

Een aspek sentraal tot die Sisteemteorie is die staat van ekwilibrum of homeostase wat belangrik is in elke sisteem. Hierdie staat van ekwilibrum of homeostase verwys na balans en word deur Hearn (1969:336) soos volg opgesom: *“After any disturbance, a system tends to re-establish a steady state, and a system can also establish another steady state if and when the disturbing external condition is prolonged”*.

Vanuit hierdie oogpunt is die individu konstant in 'n proses waar daar na balans gestrewe word. Hierdie balans word egter voorgeskryf deur die omgewing en is nie deel van die inherente proses van die individu nie. 'n Voorbeeld is onder meer waar gesinsberading vir die weerbarstige kind juis wanbalans veroorsaak aangesien balans in die gesin nie noodwendig balans vir hierdie kind beteken nie.

2.7.4 Terugvoer in die sisteem

Terugvoer in die sisteem verwys na die proses waar funksionering binne die sisteem gemonitor word en die nodige aanpassings gemaak word ten einde die balans of homeostase in die sisteem te handhaaf. Die terugvoer word gekenmerk deur positiewe en negatiewe terugvoer. Positiewe terugvoer binne die Sisteemteorie impliseer nie noodwendig 'n regte of verkeerde gedragsmanifestasie nie maar impliseer *reaksie* op gedrag. Die voorbeeld van “ryker word ryker en armer word armer”-scenario kan in die geval as positiewe terugvoer beskou word. Sowel die “ryker word ryker”-voorbeeld en “armer word armer” voorbeeld is dus positiewe terugvoer – beide die “gedragsmanifestasies” het verandering tot gevolg – wat volgens die Sisteemteorie positiewe terugvoer impliseer. Binne negatiewe terugvoer in die Sisteemteorie word verwys na *stagnante* en *statiese* optrede, dit wil sê waar *geen* verandering plaasvind nie (Chetkow-Yanoov, 1992:37).

2.8 Samevatting

Vanuit bogenoemde kan die afleiding dus gemaak word dat die Sisteemteorie as metateorie die teoretiese verwysingsraamwerk vir maatskaplikewerk privaatpraktyk kan bied wat nodig is. Veranderings en aanpassings binne die Sisteemteorie beïnvloed nie die teoretiese verwysingsraamwerk in so 'n mate dat konsepte, beginsels, prosesse en elemente binne 'n model vir privaatpraktykbestuur hierdeur beïnvloed sal word nie. Die omgewing se dinamiese onstabilliteit noodsaak verandering en aanpassing binne die konteks waarbinne maatskaplike werk na die privaatpraktyk kyk. Hierdie verandering sal 'n verandering moet wees waarbinne die dinamika van 'n tegnologiese eeu hanteer sal kan word. Hierdie verandering word soos volg deur Hudson (2000:215) omskryf: “... *(General systems theory) has brought the social work profession to the ‘edge of chaos’ in several important ways. Discouragement over discovering a truly integrative theoretical framework has perhaps precipitated many social workers to abandon theory in favour of the latest, most fashionable, and reimbursable techniques – a type of fragmentation and chaos we do not need.*” Hierdie proses het egter ook tot gevolg dat teoretici nuwe ontluikende teorieë ondersoek - soos onder andere die chaosteorie – of “*complex systems theory.*”

Binne 'n ontluikende werkveld waar die omgewing dinamies en die sisteem kompleks is, word na oplossings gesoek binne modelontwikkeling en wyses waarbinne metodologie binne navorsing gestalte kan kry. Die heel belangrikste aspek is dat die evolusie van 'n professie aanleiding gee tot vernuwing, kreatiwiteit en probleemoplossing.

Binne die bespreking van die Sisteemteorie as teoretiese verwysingsraamwerk vir die studie kon daar tot die gevolgtrekking gekom word dat elke deel van 'n sisteem beïnvloed word deur elke ander deel en dat verskeie oorsake, maniere, oorwegings en redes 'n invloed mag uitoefen op die sukses al dan nie van 'n maatskaplike werker in privaatpraktyk.


Belangrike aspekte wat die Sisteemteorie as verwysingsraamwerk vir die studie na vore bring, is onder meer dat die navorser die oorsaak-en-gevolg-verhouding binne sisteme as kompleks moet hanteer en dat veranderlikes se kompleksiteit nie voorspel kan word alvorens dit manifesteer nie.

Die Sisteemteorie as teoretiese verwysingsraamwerk laat ruimte dat veranderlikes vir elke privaat-praktisyn verskillende uitkomste mag impliseer en verskillende sisteme op verskillende wyses kan beïnvloed.

Die Sisteemteorie as teoretiese verwysingsraamwerk stipuleer ook dat grense binne sisteme troebel mag wees en nie voorspel kan word alvorens dit manifesteer nie.

Die bruikbaarheid van die Sisteemteorie sal binne die volgende hoofstukke aandag geniet wanneer alle aspekte van belang vir 'n nuut ontwikkelde model aan die kenmerke van die Sisteemteorie gemeet word.

Die ontwikkelingsproses vir 'n praktykmodel vir maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur met klem op die plek van die sisteemteorie as teoretiese verwysingsraamwerk, asook die verdere verloop van die literatuurstudie met die aard en omvang van elke stap, kan soos volg in Figuur 2.3 uiteengesit word.



Figuur 2.3: Die ontwikkelingsproses vir 'n praktykmodel vir privaatpraktykbestuur met klem op die teoretiese verwysingsraamwerk